Onderrigtaal Beide Afr en Eng

Akademiese organisasie

Informatika

Aanbiedingstydperk Semester 1



Module-inhoud

Gevorderde programmering.

Monitering in die onderwys: Internasionale en nasionale perspektiewe 880 (INP 880)

Kwalifikasie	Nagraads
Modulekrediete	15.00
Voorvereistes	Geen voorvereistes.
Onderrigtaal	Dubbelmedium
Akademiese organisasie	Wet, Wisk en Tegnologie-ond
Aanbiedingstydperk	Semester 1

Module-inhoud

Die keusemodule bou op die kernmodule aangebied in die eerste jaar. Die spesialiseringmodule bou op kwaliteitsversekering, evaluering en assessering op sisteemvlak. Dit sal aangebied word in kleingroepe en seminaargebaseerde klasse waar kennis en vaardighede aangebied en bespreek word. Daar word verwag dat die keusemodule verband sal hou met die student se keuse van 'n meestersprojek en hul verpligte internskap by 'n geskikte organisasie.

Intermediêre Fase Studies 400 (IPH 400)

Kwalifikasie	Nagraads
Modulekrediete	12.00
Programme	PGCE Intermediêrefase-onderwys
Voorvereistes	Soos per NGSO toelatingsvereistes
Kontaktyd	7 tutoriale per jaar, 48 lesings per jaar
Onderrigtaal	Beide Afr en Eng
Akademiese organisasie	Geesteswetenskaplike Opvoedkun
Aanbiedingstydperk	Jaar

Module-inhoud

Om studente bloot te stel aan benaderings, teorie en kwessies met betrekking tot die Intermediêre Fase leerder. Die module fokus ook op kurrikulum sake (insluitende die wat betrekking het tot fundamentele Wiskunde) so wel as klaskamerbestuur in die Intermediêre Fase. Die module fokus op die volgende temas van fase spesifieke teorie, klaskamer kommunikasie/bestuur/disipline, vroeë identifikasie van leer en emosionele probleme, kurrikulumoorsig/ bestuur/ aanpassing/ bystand.

Tale 401 (IPH 401)

Kwalifikasie	Nagraads
Modulekrediete	12.00
Voorvereistes	Geen voorvereistes.



Onderrigtaal Dubbelmedium

Akademiese organisasie Geesteswetenskaplike Opvoedkun

Aanbiedingstydperk Jaar

Module-inhoud

Die taalleerarea sluit al die amptelike tale in, maar daar word van 'n leerder verwag om bo en behalwe die huistaal, een ander amptelike landstaal te bemeester. Hoe om die leer van taal te verseker en hoe om die wêreld deur middel van taal te verken.

Wiskunde 402 (IPH 402)

Kwalifikasie Nagraads

Modulekrediete 12.00

Voorvereistes Geen voorvereistes.

Onderrigtaal Dubbelmedium

Akademiese organisasie Wet, Wisk en Tegnologie-ond

Aanbiedingstydperk Jaar

Module-inhoud

Analise van probleme, diversiteit en verskillende modelle van remediëring en 'n atmosfeer van leergierigheid te skep.

Kuns en kultuur 403 (IPH 403)

Kwalifikasie Nagraads

Modulekrediete 12.00

Voorvereistes Geen voorvereistes.

Onderrigtaal Dubbelmedium

Akademiese organisasie Geesteswetenskaplike Opvoedkun

Aanbiedingstydperk Jaar

Module-inhoud

Die geestelike, materiële, intellektuele en emosionele aspekte van die verskeie kunste en kulture word geïnkorporeer. Die bevordering van 'n holistiese benadering om die diversiteit van kulture as 'n wyse van kommunikasie van 'n sosiale orde en struktuur deur leerfasilitering te begryp en te bevestig.

Sosiale wetenskappe 404 (IPH 404)

Kwalifikasie Nagraads

Modulekrediete 12.00

Voorvereistes Geen voorvereistes.



Onderrigtaal Dubbelmedium

Akademiese organisasie Geesteswetenskaplike Opvoedkun

Aanbiedingstydperk Jaar

Module-inhoud

Hierdie leerarea behels die integrasie van geskiedenis en geografie, omgewings- en demokrasie-onderwys. Die algemene doelstelling is om verantwoordelike en kritiese landsburgers op te lei, wat in staat is om op 'n konstruktiewe wyse deel te neem aan 'n kultureel-diverse en veranderende gemeenskap.

Natuurwetenskappe 407 (IPH 407)

Kwalifikasie Nagraads

Modulekrediete 12.00

Voorvereistes Geen voorvereistes.

Onderrigtaal Dubbelmedium

Akademiese organisasie Wet, Wisk en Tegnologie-ond

Aanbiedingstydperk Jaar

Module-inhoud

Die aard en struktuur van die leerarea soos dit betrekking het op die intermediêre fase. Hoe om leerders uit te daag en te inspireer om die natuurwêreld te verken en te verstaan. Die vaardighede van observasie en toetsing aan te leer en om sensitief, bewustelik en met verantwoordelikheid die natuurêre erfenis van alle nasies te bewaar.

Tegnologie 408 (IPH 408)

Kwalifikasie Nagraads

Modulekrediete 12.00

Voorvereistes Geen voorvereistes.

Onderrigtaal Dubbelmedium

Akademiese organisasie Wet, Wisk en Tegnologie-ond

Aanbiedingstydperk Jaar

Module-inhoud

Die aard en struktuur van die leerarea soos dit betrekking het op die intermediêre fase. Veranderinge in tegnologie of tyd heen, die impak van tegnologie en die probleme as gevolg van tegnologie. Leerders ontwikkel hier tegnologiese vermoëns, soek praktiese oplossings vir die leer van vaardighede en leer hoe om toegang te verkry tot die informasie asook die prosessering van informasie.

Ekonomiese en bestuurswetenskappe 409 (IPH 409)

Kwalifikasie Nagraads

Modulekrediete 12.00



Voorvereistes Geen voorvereistes.

Onderrigtaal Dubbelmedium

Akademiese organisasie Geesteswetenskaplike Opvoedkun

Aanbiedingstydperk Jaar

Module-inhoud

Die aard en struktuur van die leerarea soos dit betrekking het op die intermediêre fase. Leerders moet toegerus word om ekonomiese en bestuursbeginsels en -konsepte te verstaan en toe te pas op 'n verantwoordelike en verantwoordbare wyse, die rykdomskeppingsproses begryp en 'n mening daaroor weergee. Die ontwikkeling van entrepreneursvaardighede wat nodig is om 'n belangrike rol te vervul in die transformasie van die gaping tussen ryk en arm.

Lewensoriëntering 410 (IPH 410)

Kwalifikasie Nagraads

Modulekrediete 12.00

Voorvereistes Geen voorvereistes.

Onderrigtaal Dubbelmedium

Akademiese organisasie Geesteswetenskaplike Opvoedkun

Aanbiedingstydperk Jaar

Module-inhoud

Die aard en struktuur van die leerarea soos dit betrekking het op die intermediêre fase. Die Lewensoriëntering-leerarea konfronteer leerders met die probleem van hoe leef mens 'n sinvolle en suksesvolle lewe in 'n vinnig veranderende wêreld. Die fokus is hier op die verwerwing van die nodige vaardighede om leerders te bemagtig om ingeligte besluite te kan neem. Aandag sal aan behoeftes, waardes en verantwoordelikhede gegee word.

Lewensvaardighede 411 (IPH 411)

Kwalifikasie Nagraads

Modulekrediete 8.00

Programme [PGCE Intermediêrefase-onderwys](#)

Voorvereistes Soos per NGSO toelatingsvereistes.

Kontaktyd 4 tutoriale per jaar, 24 lesing per jaar

Onderrigtaal Beide Afr en Eng

Akademiese organisasie Geesteswetenskaplike Opvoedkun

Aanbiedingstydperk Jaar



Module-inhoud

Die fokus van IPH 411 is om die selfwaarde van voornemende Lewensvaardighede onderwysers op te bou sodat hulle aandag kan gee aan die behoeftes, waardes, geloof oortuigings en verantwoordelikhede verbonde aan die bemagtiging van leerders om ingeligte besluite te maak. Studente onderwysers ontwikkel gevestigde onderrig praktyk vaardighede (mikro-onderrig), kurrikulum differensiasie, inhoud en onderrig planne (KABV) en toepaslike informele, formele assesserings van inhoud sowel as rekordering, rapportering en moderering van assessering. Studente onderwysers word verwag om ouderdom toepaslike hulpbronne en materiale te ontwerp en bymekaar te maak as deel van die finale assessering van hierdie kursus.

Wiskunde 412 (IPH 412)

Kwalifikasie Nagraads

Modulekrediete 8.00

Programme [PGCE Intermediêrefase-onderwys](#)

Voorvereistes Soos per NGSO toelatingsvereistes.

Kontaktyd 24 lesing per jaar, 4 tutoriale per jaar

Onderrigtaal Beide Afr en Eng

Akademiese organisasie Wet, Wisk en Tegnologie-ond

Aanbiedingstydperk Jaar

Module-inhoud

IPH 412 bevat 'n deeglike oorsig van die leer inhoud met spesifieke fokus op die praktiese toepassing soos voorgeskrewe deur die KABV en die NKV dokumente. Wiskunde in die Intermediêre fase dek die vyf inhoud areas insluitende getalle, operasies en verhoudings; patrone, funksies en algebra; ruimte en vorm (Meetkunde); meting en data hantering. Met die vyf inhoud areas as agtergrond, moet studente onderwysers gevestigde onderrig praktyk vaardighede (mikro-onderrig), kurrikulum differensiasie, inhoud en onderrig planne (KABV) en toepaslike informele, formele assesserings van inhoud sowel as rekordering, rapportering en moderering van assessering ontwikkel.

Sosiale Wetenskappe 414 (IPH 414)

Kwalifikasie Nagraads

Modulekrediete 8.00

Programme [PGCE Intermediêrefase-onderwys](#)

Voorvereistes Soos per NGSO toelatingsvereistes.

Kontaktyd 24 lesing per jaar, 4 tutoriale per jaar

Onderrigtaal Beide Afr en Eng

Akademiese organisasie Geesteswetenskaplike Opvoedkun

Aanbiedingstydperk Jaar



Module-inhoud

IPH 414 bevat a deeglike oorsig van die leer inhoud met spesifieke fokus op die praktiese toepassing soos voorgeskrewe deur die KABV en die NKV dokumente. Hierdie Sosialewetenskappe kurrikulum mik om geleenthede vir leerders beskikbaar te stel waar hulle met vars en kritiese oë kan kyk na hulle eie wêreld. Meer belangrik dit mik om leerders bloot te stel aan 'n wêreld buite hulle daaglikse realiteite. Studente onderwysers moet gevestigde onderrig praktyk vaardighede (mikro-onderrig), kurrikulum differensiasie, inhoud en onderrig planne (KABV) en toepaslike informele, formele assesserings van inhoud sowel as rekordering, rapportering en moderering van assessering ontwikkel.

IF Taal Onderrig 416 (IPH 416)

Kwalifikasie Nagraads

Modulekrediete 12.00

Programme [PGCE Intermediêrefase-onderwys](#)

Voorvereistes Soos per NGSO toelatingsvereistes (taalvereiste).

Kontaktyd 7 tutoriale per jaar, 48 lesings per jaar

Onderrigtaal Beide Afr en Eng

Akademiese organisasie Geesteswetenskaplike Opvoedkun

Aanbiedingstydperk Jaar

Module-inhoud

IPH 416 bied spesialisering in Moedertaal onderrig in een van die amptelike tale gepart met Eerste Addisionetaal Onderrig. 6 Krediete van hierdie module dek Moedertaal Onderrig en 6 krediete dek Eerste Addisionetaal Onderrig. Studente onderwysers moet gevestigde onderrig praktyk vaardighede (mikro-onderrig), kurrikulum differensiasie, inhoud en onderrig planne (KABV) en toepaslike informele, formele assesserings van inhoud sowel as rekordering, rapportering en moderering van assessering ontwikkel.

Natuurwetenskappe en Tegnologie 417 (IPH 417)

Kwalifikasie Nagraads

Modulekrediete 8.00

Programme [PGCE Intermediêrefase-onderwys](#)

Voorvereistes Soos per NGSO toelatingsvereistes.

Kontaktyd 4 tutoriale per jaar, 24 lesing per jaar

Onderrigtaal Beide Afr en Eng

Akademiese organisasie Wet, Wisk en Tegnologie-ond

Aanbiedingstydperk Jaar



Module-inhoud

IPH 417 bevat a deeglike oorsig van die leer inhoud met spesifieke fokus op die praktiese toepassing soos voorgeskrewe deur die KABV en die NKV dokumente. Hierdie Natuurwetenskappe en Tegnologie kurrikulum mik om noukeurig inhoud te kies en die gebruik van verskeie maniere van onderrig en leer in Wetenskap en Tegnologie, om die bevordering van begrip in die konteks van kulture en inheemse kennis sisteme te ondersteun. Studente onderwysers moet gevestigde onderrig praktyk vaardighede (mikro-onderrig), kurrikulum differensiasie, inhoud en onderrig planne (KABV) en toepaslike informele, formele assesserings van inhoud sowel as rekordering, rapportering en moderering van assessering ontwikkel.

Insluitende onderwys in SA 710 (ISA 710)

Kwalifikasie	Nagraads
Modulekrediete	16.00
Voorvereistes	Geen voorvereistes.
Onderrigtaal	Dubbelmedium
Akademiese organisasie	Vroeë Kinderonderwys
Aanbiedingstydperk	Semester 1

Module-inhoud

'n Raamwerk vir inklusiewe onderrig; implikasies vir inklusiwiteit; identifikasie en assessering van hindernisse tot leer; beleide wat betrekking het tot inklusiewe onderwys; die bate-gebaseerde benadering; 'n sosio-ekologiese model van menslike ontwikkeling; teoretiese perspektiewe in Vroeë Kinderontwikkeling en Grondslagfase deur o.a. Rudolf Steiner, Maria Montessori, Vygotsky, Piaget en Erickson sal bestudeer word in 'n konteks van moderne Vroeë Kinderontwikkeling.

Insluitende onderwys 731 (ISA 731)

Kwalifikasie	Nagraads
Modulekrediete	16.00
Programme	BEdHons Onderwyser Opvoeding en Professionele Ontwikkeling
Onderrigtaal	Beide Afr en Eng
Akademiese organisasie	Opvoedkundige Sielkunde
Aanbiedingstydperk	Semester 1

Module-inhoud

Teoretiese grondslag en aard van leerdiversiteit, leerprobleme/ leerhindernisse, leergestremdhede, kognitiewe funksionering en spesiale onderwysbehoefte. Agtergrond, beginsels en implementering van insluitende onderwys. Beginsels en praktiese toepassing van leerondersteuning. Identifisering, sifting, informele assessering en ondersteuning van leerders wat presenteer met gesproke en geskrewe taal-, wiskunde-, perseptuele en nie-verbale leerprobleme.



Insluitende onderwys 733 (ISA 733)

Kwalifikasie	Nagraads
Modulekrediete	16.00
Onderrigtaal	Engels
Akademiese organisasie	Opvoedkundige Sielkunde
Aanbiedingstydperk	Semester 1

Module-inhoud

Teoretiese grondslag en aard van leerdiversiteit, leerprobleme/ leerhindernisse, leergestremdhede, kognitiewe funksionering en spesiale onderwysbehoefte. Agtergrond, beginsels en implementering van insluitende onderwys. Beginsels en praktiese toepassing van leerondersteuning. Identifisering, sifting, informele assessering en ondersteuning van leerders wat presenteer met gesproke en geskrewe taal-, wiskunde-, perseptuele en nie-verbale leerprobleme.

Afrikaans 210 (JAF 210)

Kwalifikasie	Voorgraads
Modulekrediete	10.00
Voorvereistes	Geen voorvereistes.
Onderrigtaal	Afrikaans
Akademiese organisasie	Geesteswetenskaplike Opvoedkun
Aanbiedingstydperk	Semester 1

Module-inhoud

Taalwetenskap Die student bestudeer die onderliggende beginsels en konvensies van die Afrikaanse taalwetenskap.

Afrikaans 320 (JAF 320)

Kwalifikasie	Voorgraads
Modulekrediete	12.00
Voorvereistes	Geen voorvereistes.
Kontaktyd	3 webgebaseerde periodes per week, 2 lesing per week
Onderrigtaal	Afrikaans
Akademiese organisasie	Geesteswetenskaplike Opvoedkun
Aanbiedingstydperk	Semester 2

Module-inhoud

Kontemporêre taalkwessies 'n Kritiese studie van eietydse taalkwessies en die aktuele manifestering daarvan.



Afrikaansonderrig 361 (JAF 361)

Kwalifikasie Voorgraads

Modulekrediete 12.00

Programme BEd Intermediêrefase-onderwys
BEd Seniorfase en Verdere Onderwys en Opleiding-onderwys

Kontaktyd 4 lesing per week

Onderrigtaal Afrikaans

Akademiese organisasie Skool vir Onderwysopleiding

Aanbiedingstydperk Kwartaal 2

Module-inhoud

In hierdie module maak die student kennis met die teorie en praktyk van Afrikaans. Inhoude word verbesonder vir die eise van die onderwysprofessie. Die manifestasies van die taalwetenskap, taalkwessies en taalvariëteite in die onderwys vorm die taalgedeelte van die module. Op letterkundige vlak bestudeer die student teorieë, werksywes en tekste met betrekking tot Afrikaanse drama, prosa en poësie.

Assessering 454 (JAS 454)

Kwalifikasie Voorgraads

Modulekrediete 12.00

Voorvereistes Geen voorvereistes.

Kontaktyd 2 lesing per week

Onderrigtaal Beide Afr en Eng

Akademiese organisasie Vroeë Kinderonderwys

Aanbiedingstydperk Kwartaal 1

Module-inhoud

Demonstrasie van waarnemings- en assesseringsvaardighede in die klaskamer.

Engels 352 (JEN 352)

Kwalifikasie Voorgraads

Modulekrediete 6.00

Voorvereistes Geen voorvereistes.

Onderrigtaal Engels

Akademiese organisasie Geesteswetenskaplike Opvoedkun

Aanbiedingstydperk Kwartaal 2



Module-inhoud

Engelse prosa An advanced module in prose.

Engels 354 (JEN 354)

Kwalifikasie Voorgraads

Modulekrediete 6.00

Voorvereistes Geen voorvereistes.

Onderrigtaal Engels

Akademiese organisasie Geesteswetenskaplike Opvoedkun

Aanbiedingstydperk Kwartaal 3

Module-inhoud

Engelse poësie Gender studies.

English education 361 (JEN 361)

Kwalifikasie Voorgraads

Modulekrediete 12.00

Programme [BEd Intermediêrefase-onderwys](#)
[BEd Seniorfase en Verdere Onderwys en Opleiding-onderwys](#)

Kontaktyd 4 lesing per week

Onderrigtaal Engels

Akademiese organisasie Geesteswetenskaplike Opvoedkun

Aanbiedingstydperk Kwartaal 1

Module-inhoud

Hierdie module word net in Engels aangebied.

This module serves as an advanced study of a selection of English dramas, novels and poetry, as dealt with in their elective, and endeavours to enhance the students' skills in the critical reading of a variety of literary genres. Students are required to display critical reading and academic writing skills in English in order to understand and appreciate the complexity and value of the selected genres. The teaching and learning will have as its focus the specific application of the selected literary genres to the teaching thereof. How to approach a play, novel or poem, and how to teach the relevant components in the various phases and grades will be dealt with.

Fisika 210 (JFK 210)

Kwalifikasie Voorgraads

Modulekrediete 10.00

Voorvereistes Geen voorvereistes.

Onderrigtaal Beide Afr en Eng



Akademiese organisasie Wet, Wisk en Tegnologie-ond

Aanbiedingstydperk Semester 1

Module-inhoud

Periodiese beweging, golwe, klank en optika Energie van EHB, vergelykings van EHB. Die eenvoudige slinger. Die fisiese slinger. Tipes meganiese golwe, wiskundige beskrywing van golwe, superposisie en staande golwe, resonansie, klankgolwe, intensiteit, swewinge, die Doppler-effek. Lig as EM-golf en kleur, weerkaatsing by plat spieëls, weerkaatsing by sferiese spieëls, refraksie by 'n sferiese tussenvlak, beeldvorming by dun lense, die lensmakersvergelyking, die oog as optiese instrument, interferensie en diffraksie.

Fisika 220 (JFK 220)

Kwalifikasie Voorgraads

Modulekrediete 10.00

Voorvereistes Geen voorvereistes.

Onderrigtaal Beide Afr en Eng

Akademiese organisasie Wet, Wisk en Tegnologie-ond

Aanbiedingstydperk Semester 2

Module-inhoud

Vloeistowwe, gasse en termodinamika Digtheid, druk: Pascal se wet, Archimedes se beginsel, oppervlakspanning, vloeï, Bernoulli se vergelyking. Temperatuur, termiese uitsetting, warmtekapasiteit, fase-veranderings, warmte-oordrag, ideale gasse, kinetiese teorie van gasse, eerste wet van termodinamika.

Grondslagfasestudies 110 (JFP 110)

Kwalifikasie Voorgraads

Modulekrediete 6.00

Voorvereistes Geen voorvereistes.

Kontaktyd 1 praktiese sessies per week, 1 lesing per week

Onderrigtaal Beide Afr en Eng

Akademiese organisasie Vroeë Kinderonderwys

Aanbiedingstydperk Semester 2

Module-inhoud

Die inhoud en vaardighede van uitkomsgebaseerde onderrig soos voorgeskryf in die Nasionale Kurrikulum te verstaan en toe te pas. Die beplanning en bestuur van die drie leerprogramme in die Grondslagfase.

Professionele Praktyk 111 (JFP 111)

Kwalifikasie Voorgraads

Modulekrediete 6.00



Programme	BEd Grondslagfase-onderwys
Kontaktyd	1 praktiese sessies per week, 2 lesing per week
Onderrigtaal	Beide Afr en Eng
Akademiese organisasie	Vroeë Kinderonderwys
Aanbiedingstydperk	Semester 1

Module-inhoud

Die ontwerp en ontwikkeling van onderrigvaardighede, strategieë, hulpbronne en materiaal. Om die ontwerp en ontwikkeling van onderrigvaardighede, strategieë, hulpbronne en materiaal te ontwikkel. Om die studenteonderwyser se eie handskrif- en skryfbordvaardighede te ontwikkel sodat hul die leerders kan ondersteun in die ontwikkeling van hulle handskrif. Om die student voor te berei om keuses te maak, te beplan en voor te berei vir die gebruik van media in die leeromgewing, wat die leerders se perseptuele vaardighede, kritiese denke en probleemoplossingsvaardighede sal ontwikkel. Hierdie module vorm die grondslag van die 4de jaar module JFP 451.

Grondslagfasestudies 404 (JFP 404)

Kwalifikasie	Voorgraads
Modulekrediete	8.00
Programme	PGCE Grondslagfase-onderwys
Voorvereistes	Soos per NGSO toelatingsvereistes
Kontaktyd	42 lesings per jaar, 3 tutoriale per jaar
Onderrigtaal	Beide Afr en Eng
Akademiese organisasie	Vroeë Kinderonderwys
Aanbiedingstydperk	Jaar

Module-inhoud

Verstaan, beplan, implementeer en assesser leer deur spel om leer en ontwikkeling in die vroeë kinder jare te bevorder, veral in Graad R. Die volgende onderwerpe word behandel: die doel van vroeë kinderonderwys, die rol van spel in Graad R klaskamers, die ontwikkelingsmylpale van 3 tot 6 jariges, die daaglikse program vir Graad R insluitend gestruktureerde, roetine en vrye spel aktiwiteite sowel as algemene beginsels en hulpbronne vir 'n Graad R klaskamer.

Grondslagfasestudies 410 (JFP 410)

Kwalifikasie	Voorgraads
Modulekrediete	6.00
Voorvereistes	Geen voorvereistes.
Onderrigtaal	Beide Afr en Eng



Akademiese organisasie Vroeë Kinderonderwys

Aanbiedingstydperk Semester 1

Module-inhoud

Die inhoud en vaardighede van uitkomsgebaseerde onderrig soos voorgeskryf in die Nasionale Kurrikulum te verstaan en toe te pas. Die beplanning en bestuur van die drie leerprogramme in die Grondslagfase.

Professionele Praktyk 451 (JFP 451)

Kwalifikasie Voorgraads

Modulekrediete 12.00

Programme [BEd Grondslagfase-onderwys](#)

Kontaktyd 3 lesings per week

Onderrigtaal Beide Afr en Eng

Akademiese organisasie Vroeë Kinderonderwys

Aanbiedingstydperk Kwartaal 1

Module-inhoud

Om studente se vaardigheid grondslagfase-praktyk te ontwikkel. Die doel met hierdie module is om studente voor te berei om effektiewe klaskamerpraktyk in die grondslagfase te implementeer. Die module fokus op aspekte soos beplanning en assessering, die daarstel van 'n omgewing wat leer aanmoedig, innoverende onderrigstrategieë, en klaskamerbestuur.

Professionele praktyk 471 (JFP 471)

Kwalifikasie Voorgraads

Modulekrediete 3.00

Programme [BEd Grondslagfase-onderwys](#)
[BEd Intermediêrefase-onderwys](#)
[BEd Seniorfase en Verdere Onderwys en Opleiding-onderwys](#)
[PGCE Verdere Onderwys en Opleiding-onderwys](#)

Voorvereistes Geen voorvereistes

Kontaktyd 2 vier ure prakties vir een week

Onderrigtaal Beide Afr en Eng

Akademiese organisasie Geesteswetenskaplike Opvoedkun

Aanbiedingstydperk Kwartaal 1



Module-inhoud

Temas om studente vir die professionele praktyk voor te berei. Skool verwagtinge. Etiek, professionele voorkoms, assesseringsraamwerke; hou van rekords; dissipline. Rol en organisering van ekstra-kurrikulêre aktiwiteite. Hantering van noodgevalle.

Geskiedenis 320 (JGD 320)

Kwalifikasie	Voorgraads
Modulekrediete	12.00
Voorvereistes	Geen voorvereistes.
Onderrigtaal	Beide Afr en Eng
Akademiese organisasie	Geesteswetenskaplike Opvoedkun
Aanbiedingstydperk	Semester 2

Module-inhoud

Afrikageskiedenis 'n Afgeronde oorsig van die geskiedenis van Afrika van die pre-koloniale tot die postkoloniale tydperk met bestudering van leiersfigure uit pre- en post-koloniale Afrika.

Geografie 221 (JGF 221)

Kwalifikasie	Voorgraads
Modulekrediete	10.00
Voorvereistes	Geen voorvereistes.
Onderrigtaal	Beide Afr en Eng
Akademiese organisasie	Geesteswetenskaplike Opvoedkun
Aanbiedingstydperk	Semester 1

Module-inhoud

Nedersetting Landelike en stedelike nedersettingspatrone met die klem op die Suid-Afrikaanse landskap. Praktikum: Interpretasie van die 1:50 000 topografiese kaart.

Geografie 311 (JGF 311)

Kwalifikasie	Voorgraads
Modulekrediete	12.00
Voorvereistes	Geen voorvereistes.
Onderrigtaal	Beide Afr en Eng



Akademiese organisasie Geesteswetenskaplike Opvoedkun

Aanbiedingstydperk Semester 1

Module-inhoud

Geomorfologie Endogene en eksogene kragte wat vorm gee aan die aardoppervlak en hul impak. Praktikum: Gevorderde analise en interpretasie van landskappe met lugfoto's, ortofotokaarte en topografiese kaarte.

Geografie 321 (JGF 321)

Kwalifikasie Voorgraads

Modulekrediete 12.00

Voorvereistes Geen voorvereistes.

Onderrigtaal Beide Afr en Eng

Akademiese organisasie Geesteswetenskaplike Opvoedkun

Aanbiedingstydperk Semester 2

Module-inhoud

Samelewing en ruimte Geografie as wetenskap. Die veranderende globale konteks en die ontwikkeling van sosiale, ekonomiese en staatkundige strukture na die Pleistoseen. Praktikum: Gevorderde analise en interpretasie van landskappe met lugfoto's, ortofotokaarte en topografiese kaarte. Inleiding tot Geografiese Inligtingstelsels (GIS).

Geletterdheidspraktyke 110 (JGL 110)

Kwalifikasie Voorgraads

Modulekrediete 6.00

Programme [BEd Grondslagfase-onderwys](#)

Kontaktyd 2 lesing per week

Onderrigtaal Beide Afr en Eng

Akademiese organisasie Vroeë Kinderonderwys

Aanbiedingstydperk Semester 1

Module-inhoud

Die module rus die student toe met die nodige kennis, vaardighede, houding en waardes om vroeë geletterdheid aan die jong leerder te fasiliteer. Dit geskied deur die gebruik van kinderliteratuur. Die fasilitering van vroeë geletterdheid is deel van die taalontwikkeling van die 0-9 jaar, kind.

Vroeë geletterdheid 120 (JGL 120)

Kwalifikasie Voorgraads

Modulekrediete 6.00



Voorvereistes Geen voorvereistes.

Kontaktyd 2 lesing per week

Onderrigtaal Beide Afr en Eng

Akademiese organisasie Vroeë Kinderonderwys

Aanbiedingstydperk Semester 2

Module-inhoud

Die fasilitering vir die bemeestering van vroeë geletterheid. Die gebruik van kinderlektuur in vroeë geletterdheid.

Geletterdheidspraktyke 200 (JGL 200)

Kwalifikasie Voorgraads

Modulekrediete 24.00

Programme [BEd Grondslagfase-onderwys](#)

Voorvereistes Geen voorvereistes.

Kontaktyd 3 lesings per week

Onderrigtaal Beide Afr en Eng

Akademiese organisasie Vroeë Kinderonderwys

Aanbiedingstydperk Jaar

Module-inhoud

Hierdie module bied 'n inleiding tot taal en geletterdhede en beklemtoon die belangrikheid hiervan vir die leerproses. Daar is 'n verskeidenheid van temas wat fokus op die onderrig en aanleer van basiese kommunikatiewe vaardighede, met klem op skryfvaardigheid en kinderlektuur. Die moduleinhoud rus voornemende onderwysers toe om jong leerders se taalontwikkeling te stimuleer sodat hulle met selfvertroue in ten minste twee tale sal kan leer en kommunikeer.

Geletterdheidsprogram 220 (JGL 220)

Kwalifikasie Voorgraads

Modulekrediete 12.00

Voorvereistes Geen voorvereistes.

Onderrigtaal Beide Afr en Eng

Akademiese organisasie Vroeë Kinderonderwys

Aanbiedingstydperk Semester 2



Module-inhoud

Bemeestering van geletterdheidsvaardighede. Begrip en toepassing van 'n verskeidenheid benaderings tot geletterdheidsvaardighede op verskillende ouderdomme (0-9 jaar). Beplan, bestuur en fasiliteer die geletterdheidsprogram (hooftaal).

Moedertaalonderrig 310 (JGL 310)

Kwalifikasie	Voorgraads
Modulekrediete	6.00
Voorvereistes	Geen voorvereistes.
Onderrigtaal	Engels
Akademiese organisasie	Vroeë Kinderonderwys
Aanbiedingstydperk	Semester 2

Module-inhoud

Die relevansie van Moedertaalonderrig as 'n vertrekpunt wanneer Grondslagfase leerders in Engels onderrig word in diverse omgewings, begrond die module. Die student word bemagtig om Engels te gebruik as die taal van leer en onderrig asook die gebruik van tegnieke en strategieë om in multitalige- en multikulturele kontekste te onderrig.

Geletterdheidspraktyke 311 (JGL 311)

Kwalifikasie	Voorgraads
Modulekrediete	6.00
Programme	BEd Grondslagfase-onderwys
Kontaktyd	2 lesing per week
Onderrigtaal	Beide Afr en Eng
Akademiese organisasie	Vroeë Kinderonderwys
Aanbiedingstydperk	Semester 1

Module-inhoud

Die module fokus op die praktiese toepassing van die teorie wat verwerf is in die tweede jaar geletterdheidspraktyke module (JGL 200). In hierdie module word die lees en skryf vaardighede van grade 1-3 leerders in hulle huistaalonderrig.

Geletterdheidspraktyke 461 (JGL 461)

Kwalifikasie	Voorgraads
Modulekrediete	6.00
Programme	BEd Grondslagfase-onderwys
Kontaktyd	2 lesing per week



Onderrigtaal Afrikaans

Akademiese organisasie Vroeë Kinderonderwys

Aanbiedingstydperk Kwartaal 1

Module-inhoud

Die module fokus op die taalvaardigheid om in Afrikaans as 'n addisionele taal in die grondslagfase te onderrig. Die student sal die vaardigheid aanleer om Afrikaans te gebruik. Die aanbieding van die module sal gedoen word deur die gebruik van Afrikaanse kinderliteratuur soos stories en poësie.

Geletterdheidspraktyke 464 (JGL 464)

Kwalifikasie Voorgraads

Modulekrediete 6.00

Programme [BEd Grondslagfase-onderwys](#)

Kontaktyd 2 lesing per week

Onderrigtaal Engels

Akademiese organisasie Vroeë Kinderonderwys

Aanbiedingstydperk Kwartaal 4

Module-inhoud

Die module sal studente toerus met vaardighede en kennis om Engels as addisionele taal in die grondslagfase te onderrig. Die student sal die vaardigheid aanleer om Engels as taalstruktuur te gebruik en te onderrig. Aandag word ook aan grammatika en literatuur in die verband gegee.

Multi-geletterdhede 730 (JGL 730)

Kwalifikasie Nagraads

Modulekrediete 16.00

Programme [BEdHons Onderwyser Opvoeding en Professionele Ontwikkeling](#)

Voorvereistes Enige ekwivalente voorgraadse taal en/of geletterdhedsmodule

Kontaktyd 7 lesings

Onderrigtaal Beide Afr en Eng

Akademiese organisasie Geesteswetenskaplike Opvoedkun

Aanbiedingstydperk Semester 1 of Semester 2



Module-inhoud

Hierdie module ondersoek die konsepte "multi-geletterdhede" en "multimodaliteite" met die klem op die belangrikheid daarvan in die onderrig van leerders uit diverse linguistiese en kulturele gemeenskappe. Die onderwerpe wat in hierdie module behandel word moet nie in isolasie beskou word nie, maar hou onderling met mekaar verband en is op onderrig in die globale klaskamer van toepassing. Onderwerpe sluit, onder andere, die volgende in: taal en geletterdhede; taalverwerwingsteorieë; taalbeleidsdokumente; die veeltalige klaskamer; Engels as *lingua franca*; *World Englishes*; globalisering en skool- en sosiale geletterdhede. Daar word van die student verwag om geskikte toepassings te ontwerp van 'n verskeidenheid konsepte van innoverende klaskamerpraktyke wat in 'n gevorderde kennis van kern-Suid-Afrikaanse tekste, beleide en kwessies wat in hierdie module hanteer word, weerspieël.

Multi-geletterdhede 733 (JGL 733)

Kwalifikasie	Nagraads
Modulekrediete	16.00
Programme	BEdHons Onderwyser Opvoeding en Professionele Ontwikkeling (Afstandsonderrig)
Onderrigtaal	Engels
Akademiese organisasie	Vroeë Kinderonderwys
Aanbiedingstydperk	Semester 2

Module-inhoud

Hierdie module ondersoek die konsepte "multi-geletterdhede" en "multimodaliteite" met die klem op die belangrikheid daarvan in die onderrig van leerders uit diverse linguistiese en kulturele gemeenskappe. Die onderwerpe wat in hierdie module behandel word moet nie in isolasie beskou word nie, maar hou onderling met mekaar verband en is op onderrig in die globale klaskamer van toepassing. Onderwerpe sluit, onder andere, die volgende in: taal en geletterdhede; taalverwerwingsteorieë; taalbeleidsdokumente; die veeltalige klaskamer; Engels as *lingua franca*; *World Englishes*; globalisering en skool- en sosiale geletterdhede. Daar word van die student verwag om geskikte toepassings te ontwerp van 'n verskeidenheid konsepte van innoverende klaskamerpraktyke wat in 'n gevorderde kennis van kern-Suid-Afrikaanse tekste, beleide en kwessies wat in hierdie module hanteer word, weerspieël.

Vroeë gesyferdheid 120 (JGS 120)

Kwalifikasie	Voorgraads
Modulekrediete	6.00
Voorvereistes	Geen voorvereistes.
Kontaktyd	1 lesing per week, 1 praktiese sessies per week
Onderrigtaal	Beide Afr en Eng
Akademiese organisasie	Vroeë Kinderonderwys
Aanbiedingstydperk	Semester 2



Module-inhoud

Die fasilitering en bemeesting van vroeë gesyferdheid.

Grondslagfasewiskunde 121 (JGS 121)

Kwalifikasie Voorgraads

Modulekrediete 6.00

Programme [BEd Grondslagfase-onderwys](#)

Kontaktyd 1 praktiese sessies per week, 1 lesing per week

Onderrigtaal Beide Afr en Eng

Akademiese organisasie Vroeë Kinderonderwys

Aanbiedingstydperk Semester 2

Module-inhoud

Die fasilitering en bemeesting van die vroeë wiskunde pedagogiek (vir kinders 0-6 jaar).

Gesyferdheidprogram 210 (JGS 210)

Kwalifikasie Voorgraads

Modulekrediete 12.00

Voorvereistes Geen voorvereistes.

Onderrigtaal Beide Afr en Eng

Akademiese organisasie Vroeë Kinderonderwys

Aanbiedingstydperk Semester 1

Module-inhoud

Bepanning, bestuur en fasilitering van die gesyferdheidprogramme.

Grondslagfasewiskunde 211 (JGS 211)

Kwalifikasie Voorgraads

Modulekrediete 12.00

Programme [BEd Grondslagfase-onderwys](#)

Kontaktyd 1 praktiese sessies per week, 2 lesing per week

Onderrigtaal Beide Afr en Eng

Akademiese organisasie Vroeë Kinderonderwys

Aanbiedingstydperk Semester 1

Module-inhoud

Die fasilitering en bemeesting van die grondslagfase wiskunde pedagogiek (grade 1-3).



Grondslagfase wiskunde 212 (JGS 212)

Kwalifikasie	Voorgraads
Modulekrediete	12.00
Programme	BEd Grondslagfase-onderwys
Kontaktyd	2 lesing per week, 1 praktiese sessies per week
Onderrigtaal	Beide Afr en Eng
Akademiese organisasie	Vroeë Kinderonderwys
Aanbiedingstydperk	Semester 2

Module-inhoud

Die doel van die kursus is die ontwikkeling van 'n dieper begrip van die kritiese elemente van wiskunde, insluitend die stelsel van telgetalle en hulle eienskappe, asook die vier getal-bewerkings. Die oorgang na die rasionale getalstelsel en sy eienskappe word ondersoek, en aandag word gegee aan bewerkings met rasionale getalle. Getalpatrone en verwantskappe tussen getalle word ondersoek ter wille van die ontwikkeling van 'n gemakliker vloei van wiskundige berekenings. Aandag word gegee aan verskeie wyses van voorstelling van wiskundige begrippe deur prentjies, woorde, simbole en diagramme. Die ontwikkeling van die ander hoof-temas in wiskunde, naamlik meting, meetkunde, statistiek en waarskynlikheid word ondersoek met die doel om insig te verkry in wyses waarop dit onderrig en geleer kan word. Daar word deurlopend aandag gegee aan probleem-oplossing en algebraïese denke. Die metodologie van die kursus sluit in praktiese aktiwiteite waardeur studente se selfvertroue en toerusting vir die klaskamer praktyk bevorder word. Hoewel aandag gegee word aan toepassings van begrippe binne die Grondslagfase, is hierdie uitkoms nie sentraal in die kursus nie.

Gesyferdheidsprogram 310 (JGS 310)

Kwalifikasie	Voorgraads
Modulekrediete	12.00
Voorvereistes	Geen voorvereistes.
Onderrigtaal	Beide Afr en Eng
Akademiese organisasie	Vroeë Kinderonderwys
Aanbiedingstydperk	Semester 1

Module-inhoud

Beplan, bestuur en fasiliteer die gesyferdheidsprogram.

Vroeë intervensie van gesyferdheid en geletterdheid 730 (JGS 730)

Kwalifikasie	Nagraads
Modulekrediete	16.00
Programme	BEdHons Leerondersteuning



Voorvereistes Geen voorvereistes.

Kontaktyd 1 lesing per week

Onderrigtaal Dubbelmedium

Akademiese organisasie Vroeë Kinderonderwys

Aanbiedingstydperk Semester 1 of Semester 2

Module-inhoud

Hierdie module sal studente met teoretiese kennis en praktiese vaardighede toerus om gesyferdheid en geletterdheid in Vroeë Kinderontwikkeling en Grondslagfase baas te raak. Dit is ondersoekend van aard en veronderstel 'n kritiese ingesteldheid op sake wat globaal en nasionaal gedebatteer word rakende die fasilitering van geletterdheid in Grondslagfase klaskamers. Studente sal in staat wees om leerders by te staan in die bemeestering van konsepte rakende wiskunde en geletterdheid asook relevante vaardighede en prosesse in Vroeë Kinderontwikkeling en Grondslagfase.

Gesondheid en veiligheid 152 (JGV 152)

Kwalifikasie Voorgraads

Modulekrediete 6.00

Voorvereistes Geen voorvereistes.

Onderrigtaal Beide Afr en Eng

Akademiese organisasie Vroeë Kinderonderwys

Aanbiedingstydperk Kwartaal 2

Module-inhoud

Die module het 'n holistiese benadering tot die aspekte van gesondheid, veiligheid en voeding van die jong kind. Dit is 'n kennisveld wat studente sal toerus met die nodige kennis, vaardighede, waardes en houdings wat benodig word om 'n veilige omgewing te skep waarin die jong kind kan groei en ontwikkel. Die hoofokus van die kennisveld is die Leerarea van Lewensoriëntering wat deel vorm van die Lewensvaardighede leerprogram in Vroeë Kinderontwikkeling in Onderwys (VKO).

Gesondheid en veiligheid 210 (JGV 210)

Kwalifikasie Voorgraads

Modulekrediete 6.00

Programme [BEd Grondslagfase-onderwys](#)

Kontaktyd 2 lesing per week

Onderrigtaal Beide Afr en Eng

Akademiese organisasie Skool vir Onderwysopleiding

Aanbiedingstydperk Semester 1



Module-inhoud

Die module het 'n holistiese benadering tot die aspekte van gesondheid, veiligheid en voeding van die jong kind, insluitend kennis oor HIV/Vigs. Dit is 'n kennisveld wat studente sal toerus met die nodige kennis, vaardighede, waardes en houdings wat benodig word om 'n veilige omgewing te skep waarin die jong kind kan groei en ontwikkel. Die hoofokus van die kennisveld is die Leerarea van Lewensoriëntering wat deel vorm van die Lewensvaardighede leerprogram in Vroeë Kinderontwikkeling in Onderwys (VKO).

Hulpbronne en materiaal 151 (JHM 151)

Kwalifikasie Voorgraads

Modulekrediete 6.00

Voorvereistes Geen voorvereistes.

Onderrigtaal Beide Afr en Eng

Akademiese organisasie Vroeë Kinderonderwys

Aanbiedingstydperk Kwartaal 1

Module-inhoud

Die ontwerp en ontwikkeling van onderrigvaardighede, strategieë, hulpbronne en materiaal.

Kunsopvoeding 100 (JKG 100)

Kwalifikasie Voorgraads

Modulekrediete 6.00

Programme [BEd Intermediêrefase-onderwys](#)
[BEd Seniorfase en Verdere Onderwys en Opleiding-onderwys](#)

Kontaktyd 2 lesing per week

Onderrigtaal Beide Afr en Eng

Akademiese organisasie Geesteswetenskaplike Opvoedkun

Aanbiedingstydperk Jaar

Module-inhoud

Hierdie module bied aan studente 'n oorsig van geskiedkundige en kontemporêre kunsbewegings. Belangrike kunstenaars en kunswerke van hierdie tydperk word binne konteks beklemtoon en bespreek. Geskiedenis van kunsopvoeding binne die skoolkonteks word ondersoek met die klem op Westerse kunsbewegings en -style.

Kunsopvoeding 300 (JKG 300)

Kwalifikasie Voorgraads

Modulekrediete 8.00

Programme [BEd Seniorfase en Verdere Onderwys en Opleiding-onderwys](#)

Kontaktyd 2 lesing per week



Onderrigtaal Beide Afr en Eng

Akademiese organisasie Geesteswetenskaplike Opvoedkun

Aanbiedingstydperk Jaar

Module-inhoud

Geskiedenis van kuns en teorie van visuele kuns word ondersoek. Die fokus word op Suid- Afrikaanse kuns geplaas, deur die bestudering van pioniers, insluitend kontemporêre neigings, style en tegnieke. Teoretiese raamwerke in die interpretasie, analise en evaluering van visuele kultuurstudies word ondersoek. Klem word op interaksie van beeld en teksevaluering en analise van visuele kuns geplaas.

Kunsopvoeding 101 (JKU 101)

Kwalifikasie Voorgraads

Modulekrediete 18.00

Programme [BEd Intermediêrefase-onderwys](#)
[BEd Seniorfase en Verdere Onderwys en Opleiding-onderwys](#)

Kontaktyd 2 praktiese sessies per week

Onderrigtaal Beide Afr en Eng

Akademiese organisasie Geesteswetenskaplike Opvoedkun

Aanbiedingstydperk Jaar

Module-inhoud

Hierdie module ontleed verskeie metodes en tegnieke om kreatiwiteit in die klaskamer te stimuleer, deur fundamentele kunselemente en beginsles, tegnieke en gebruik van media bekend te stel. Die module sluit die ondersoek van konsepte van visuele geletterdheid in. Kennis en toepassing van laasgenoemde deur die student op kreatiewe wyse deur eksperimentering met tradisionele kunsmedia word aangemoedig.

Kunsopvoeding 202 (JKU 202)

Kwalifikasie Voorgraads

Modulekrediete 40.00

Voorvereistes Geen voorvereistes.

Onderrigtaal Dubbelmedium

Akademiese organisasie Geesteswetenskaplike Opvoedkun

Aanbiedingstydperk Jaar



Module-inhoud

JKU 202 is en 'n keusemodule vir BEd-studente in die Intermediêre-, Senior en VOO fase. Met hierdie module kan 'n student hul eie kreatiewe denke deur verskeie kunsmediums en prosesse verken. Die fokus word geplaas op die ontwikkeling van die student se kunsvaardigheid, kennis en waardes wat in die onderrig- en leerveld van kunsopvoeding in die Intermediêre-, Senior en VOO fases met selfvertroue toegepas kan word. Klem word gelê; op teoretiese komponente soos kunswaardering, kunsbeginsels en - elemente, kunsprogramme en kritiese evaluering van die kreatiewe proses. Die bekendstelling aan die konsepte van visuele geletterheid, die kweek van begrip daarvoor en die toepassing daarvan deur die student op 'n kreatiewe wyse.

Kuns: Prakties 301 (JKU 301)

Kwalifikasie Voorgraads

Modulekrediete 32.00

Programme [BEd Seniorfase en Verdere Onderwys en Opleiding-onderwys](#)

Voorvereistes Geen voorvereistes.

Kontaktyd 4 praktiese sessies per week

Onderrigtaal Beide Afr en Eng

Akademiese organisasie Geesteswetenskaplike Opvoedkun

Aanbiedingstydperk Jaar

Module-inhoud

Tekenvaardigheid III Tradisionele en eksperimentele gebruik van tekenmedia. Inleiding tot die aard en rol van illustrasie, visualisering en uitdrukking van idees. Interpretasie van objekte, figure na visuele vorm, visuele abstraksie. Ondersoek van kreatiewe metodes. Konseptuele ontwikkeling en evaluering. Tradisionele en eksperimentele mediagebruik. Grafiese ontwerp III Ontwerp as visuele kommunikasie: gebruik van tipografie as uitdrukkningsmedia. Uitleg sisteme en strukture. Integrasie van beeld en teks in die ontwerp van briefhoofde, logo's en brosjures. Visuele analise en interpretasie. Studie van kontemporêre stylrigtings. Kennismaking met verpakking, bemarking en tekstielontwerp. Individuele ontwerpnavorsingsprojekte. Grafiese drukkuns III Bekendstelling van serigrafie as grafiese medium. Eksperimentele werk. Toepassing in plakkaat en uitnodigingskaartjies. Bestudering van toepaslike teorie aan die hand van studiehandleidings. Skildervaardigheid III Analise van vorm, struktuur en komposisie. Portret- en figuurskilder. Toepassing van formele en eksperimentele skildertegniese. Eksperimentering met media: waterverf, tempera, akriel en gemengde media. Modelleer II Studie van drie-dimensionele vorm. Kombinasies van verskillende pottebakkerstegniese. Dekoratiwe verf van eenhede - patrone. Keuse van twee van die volgende: Studie van hedendaagse stylrigtings en tegnieke met verwysing na spesifieke kunstenaars. Visuele interpretasie van konsepte, probleemoplossing en evaluering. Klem op komposisionele samestellings. Versorging, bespreking en evaluering van toepaslike uitstallings. Selfstandige werk. Museumbesoeke.

Kunsopvoeding 302 (JKU 302)

Kwalifikasie Voorgraads

Modulekrediete 40.00

Voorvereistes JKU 202



Onderrigtaal Beide Afr en Eng

Akademiese organisasie Geesteswetenskaplike Opvoedkun

Aanbiedingstydperk Jaar

Module-inhoud

Die module fokus op die ondersoek na verskeie metodes en tegnieke om kreatiwiteit in die klaskamer te stimuleer, in die Intermediêre Fase, die Senior Fase en die Verdere Onderwys en Opleiding-fase (VOO-fase). Die primêre fokus van die module is die ontwikkeling van die student se kunsvaardighede, met die oog daarop om die persoonlike visuele woordeskate uit te brei en selfekspresie aan te wakker. Die student moet 'n aanmerklik hoër vlak van begrip en beheersing bereik wat betref die intellektuele, perseptuele, estetiese en tegniese aspekte van kunsopvoeding. Addisionele ondersteuning word gebied deur teoretiese lesings, praktiese opdragte, demonstrasies en deurlopende assessering.

'n Praktiese portefeulje en visuele dagboek word deur elke student saamgestel, waarin die kunswerke tegniese gehalte moet demonstreer en bewys gelewer moet word dat die student gereed is om die eise van die beroepspraktyk aan te durf. Die portefeulje dien as 'n handleiding vir toekomstige verwysing in die klaskamer.

Metodiek van Laboratoriumtegnieke 351 (JLA 351)

Kwalifikasie Voorgraads

Modulekrediete 6.00

Voorvereistes Geen voorvereistes.

Kontaktyd 1 lesing per week, 1 praktiese sessies per week

Onderrigtaal Dubbelmedium

Akademiese organisasie Wet, Wisk en Tegnologie-ond

Aanbiedingstydperk Semester 1

Module-inhoud

Identifikasie en stoor van apparaat; Hantering van gevaarlike chemikalieë, Laboratoriumveiligheid en eerste hulp; Laboratoriumorganisasie; Metings; Improvisasie van apparaat in swak toegeruste skole; Doel en ontwerp van praktiese aktiwiteite; Praktiese eksamens.

Leerondersteuning 120 (JLD 120)

Kwalifikasie Voorgraads

Modulekrediete 12.00

Voorvereistes Geen voorvereistes.



Onderrigtaal Beide Afr en Eng

Akademiese organisasie Vroeë Kinderonderwys

Aanbiedingstydperk Semester 2

Module-inhoud

Die doel van hierdie module is om die student toe te rus met kennis i.v.m. inklusiewe onderwys in Suid-Afrika. Ons fokus op die vaardighede wat 'n onderwyser benodig ten einde leerders met leerhindernisse te kan ondersteun, sowel as die akkommodering van hierdie leerders in die klaskamer. Die oorsake van leerhindernisse word ondersoek en ons onderskei tussen intrinsieke en ekstrasieke oorsake van leerprobleme. Multidisiplinêre en sistemiese benaderings word bekend gestel.

Leerondersteuning 200 (JLD 200)

Kwalifikasie Voorgraads

Modulekrediete 20.00

Voorvereistes Geen voorvereistes.

Onderrigtaal Beide Afr en Eng

Akademiese organisasie Vroeë Kinderonderwys

Aanbiedingstydperk Jaar

Module-inhoud

Inklusiewe onderwys soos deur die Witskrif 6 uitgespel; verskillende gestremdhede en die opvoedkundige implikasies daarvan; leergereedheid; perseptuele motoriese ontwikkeling; vaardighede en oefeninge vir verskillende perseptuele aktiwiteite.

Leerondersteuning 220 (JLD 220)

Kwalifikasie Voorgraads

Modulekrediete 12.00

Programme [BEd Grondslagfase-onderwys](#)
[BEd Intermediêrefase-onderwys](#)

Kontaktyd 4 lesing per week

Onderrigtaal Beide Afr en Eng

Akademiese organisasie Vroeë Kinderonderwys

Aanbiedingstydperk Semester 2



Module-inhoud

Die doel van hierdie module is om die student toe te rus met kennis i.v.m. inklusiewe onderwys in Suid-Afrika. Ons fokus op die oorsake van leerhindernisse, vaardighede wat 'n onderwyser benodig ten einde leerders met leerhindernisse te kan ondersteun, sowel as die akkommodering van hierdie leerders in die klaskamer. Die oorsake van leerhindernisse word ondersoek en ons onderskei tussen intrinsieke en ekstrinsieke oorsake van leerprobleme. Multidisiplinêre en sistemiese benaderings word bekendgestel. Die gesin as primêre opvoedingsinstelling word bespreek, sowel as die effek van verskillende opvoedingstyle en opvoedingsfoute op die ontwikkeling en akademiese vordering van die kind.

Leerondersteuning 300 (JLD 300)

Kwalifikasie	Voorgraads
Modulekrediete	24.00
Voorvereistes	Geen voorvereistes.
Onderrigtaal	Beide Afr en Eng
Akademiese organisasie	Vroeë Kinderonderwys
Aanbiedingstydperk	Jaar

Module-inhoud

Uitdagings rakende lees, spel en skryf en ook Wiskunde. Implikasies van leesbenaderings vir leerondersteuning; klankherkenning, woordherkenning uitskakeling van slegte leesgewoontes; verbetering van leesspoed; leesmotivering. Assessering van lees en spel. Leerondersteuningstrategieë om te korrigeer en te verbeter. Algemene beginsels vir die onderrig van basiese wiskundige konsepte; Piaget. Prakties: evaluasie en leerondersteuning van die leerder. Ontwikkeling van 'n individuele opvoedkundige program vir leerders.

Leerondersteuning 320 (JLD 320)

Kwalifikasie	Voorgraads
Modulekrediete	6.00
Programme	BEd Intermediêrefase-onderwys
Kontaktyd	2 lesing per week
Onderrigtaal	Beide Afr en Eng
Akademiese organisasie	Vroeë Kinderonderwys
Aanbiedingstydperk	Semester 2



Module-inhoud

Die doel van die module is om die student toe te rus met die kennis en vaardighede wat nodig is om leerders met leerprobleme in die klaskamer te identifiseer, te assesser en intervensie strategieë te beplan om hulle te ondersteun. Ons fokus op die vroeë identifisering van leerprobleme, diagnostiese assessering om die oorsake daarvan te bepaal, sowel as intervensie strategieë om leerhindernisse in die Intermediêre Fase suksesvol aan te spreek. Die student sal leer hoe om die kurrikulum aan te pas vir leerders wat leerprobleme ondervind en hoe om hierdie leerders te ondersteun deur geleenthede te skep waar die leerder sukses kan behaal, leer om in sy eie vermoë te glo en sodoende 'n positiewe selfbeeld te bou.

Leerondersteuning 400 (JLD 400)

Kwalifikasie Voorgraads

Modulekrediete 24.00

Programme [BEd Grondslagfase-onderwys](#)

Voorvereistes Geen voorvereistes.

Onderrigtaal Beide Afr en Eng

Akademiese organisasie Vroeë Kinderonderwys

Aanbiedingstydperk Jaar

Module-inhoud

Hierdie module sal fokus op die vroeë identifisering van leerprobleme, diagnostiese assessering om die onderliggende oorsake te bepaal, asook intervensietegnieke vir die suksesvolle hantering van leerhindernisse in die grondslagfase. Die student sal leer hoe om die kurrikulum aan te pas vir leerders wat probleme ondervind met taal sowel as Wiskunde en hoe om hierdie leerders te ondersteun in die verwerwing van 'n positiewe selfbeeld, deur leergeleenthede te skep waartydens die leerders sukses kan ervaar en sodoende in hulle eie vermoëns kan glo.

Leerondersteuning onderwys 402 (JLD 402)

Kwalifikasie Nagraads

Modulekrediete 6.00

Programme [PGCE Verdere Onderwys en Opleiding-onderwys](#)

Voorvereistes Soos per NGSO toelatingsvereistes

Kontaktyd 3 tutoriale per jaar, 18 lesings per jaar

Onderrigtaal Beide Afr en Eng

Akademiese organisasie Geesteswetenskaplike Opvoedkun

Aanbiedingstydperk Jaar



Module-inhoud

Die fasilitering van kennis en begrip van inklusiewe onderwys en insig in die oorsake van hindernisse tot leer. Die module fokus op die basiese identifikasie van leerprobleme en elementere diagnostieke assessering om vas te stel wat is die onderliggende oorsake van leerhindernisse sowel as die intervensiestrategieë binne die klaskamer sodat leerprobleme suksesvol bestuur kan word. Skool gebaseerde ondersteuningsstelsels en kurrikulum differensiasie. Die student sal leer hoe om die kurrikulum aan te pas vir leerders wat leerprobleme ervaar (insluitende leerders met gestremdhede en spesiale onderrigbehoefte) en hoe om ondersteuning te bied aan hierdie leerders in die bou van 'n positiewe selfbeeld.

Leerarea: Ekonomiese en bestuurswetenskappe 252 (JLE 252)

Kwalifikasie	Voorgraads
Modulekrediete	6.00
Voorvereistes	Geen voorvereistes.
Onderrigtaal	Beide Afr en Eng
Akademiese organisasie	Geesteswetenskaplike Opvoedkundis
Aanbiedingstydperk	Kwartaal 2

Module-inhoud

Metodiek van Ekonomiese en bestuurswetenskappe as leerarea soos vereis deur die Nasionale Kurrikulum.

Leerarea: Ekonomiese en bestuurswetenskappe 451 (JLE 451)

Kwalifikasie	Voorgraads
Modulekrediete	12.00
Voorvereistes	Geen voorvereistes.
Onderrigtaal	Beide Afr en Eng
Akademiese organisasie	Onderwysbestuur en Beleidstudis
Aanbiedingstydperk	Kwartaal 1

Module-inhoud

Metodiek van Ekonomiese en bestuurswetenskappe as leerarea soos vereis deur die Nasionale Kurrikulum.

Kunste en kultuur 110 (JLK 110)

Kwalifikasie	Voorgraads
Modulekrediete	6.00
Programme	BEd Grondslagfase-onderwys
Voorvereistes	Geen voorvereistes.
Kontaktyd	2 lesing per week, 2 praktiese sessies per week
Onderrigtaal	Dubbelmedium



Akademiese organisasie Geesteswetenskaplike Opvoedkun

Aanbiedingstydperk Semester 1

Module-inhoud

Studente word toegerus met onderwysvaardighede om groep musiekmaak-aktiwiteite met kinders in die grondslagfase te fasiliteer. Drie komponente word in hierdie program geanaliseer: basiese kennis (musiekkonsepte en teoretiese inhoud); musiekvaardighede (sing, instrumentale spel, luister, beweging, toepassing van musieknotasie en kreatiwiteit; en didaktiese vaardighede. Die waarde van musiek in 'n kultureel diverse samelewing word beklemtoon.

Kunste en kultuur 120 (JLK 120)

Kwalifikasie Voorgraads

Modulekrediete 6.00

Programme BEd Grondslagfase-onderwys

Voorvereistes Geen voorvereistes.

Kontaktyd 2 praktiese sessies per week

Onderrigtaal Dubbelmedium

Akademiese organisasie Geesteswetenskaplike Opvoedkun

Aanbiedingstydperk Semester 2

Module-inhoud

In hierdie module word studente begelei om verskillende metodes te ondersoek waarvolgens kreatiwiteit in die klaskamer gestimuleer kan word. Hulle word bekend gestel aan basiese kunsvaardighede en -prosesse wat in die Grondslagfase gebruik kan word. Die module laat studente toe om vrye teuels te gee aan hulle kreatiewe denkvaardighede deur gebruik te maak van verskeie kunsmedia en -prosesse, terwyl hulle ondersteun word deur teoretiese lesings en praktiese demonstrasies. 'n Praktiese portefeulje word deur elke student saamgestel, wat voorbeelde bevat van kunswerke en teoretiese navorsing. Die portefeulje dien as 'n handleiding vir toekomstige verwysing in die klaskamer.

Leerarea: Taal 251 (JLL 251)

Kwalifikasie Voorgraads

Modulekrediete 6.00

Voorvereistes Geen voorvereistes.

Onderrigtaal Beide Afr en Eng

Akademiese organisasie Geesteswetenskaplike Opvoedkun

Aanbiedingstydperk Kwartaal 1

Module-inhoud

Metodiek van Taal as leerarea soos vereis deur die Nasionale Kurrikulum.



Metodiek van Tale 330 (JLL 330)

Kwalifikasie	Voorgraads
Modulekrediete	6.00
Voorvereistes	Geen voorvereistes.
Onderrigtaal	Beide Afr en Eng
Akademieorganisasie	Geesteswetenskaplike Opvoedkun
Aanbiedingstydperk	Semester 2

Module-inhoud

Hierdie metodiekkursus weerspieël die beginsels en praktyke van die onderrig en leer van tale met spesifieke verwysing na Afrikaans as adisionele taal. Die teoretiese grondslag verstewig die student se insig en begrip ten opsigte van taalontwikkeling, sowel as die vermoë om optimale leergeleenthede in al die fases te kan beplan en te ontwerp

Metodiek van Sosiale Wetenskappe 352 (JLM 352)

Kwalifikasie	Voorgraads
Modulekrediete	6.00
Voorvereistes	Geen voorvereistes.
Onderrigtaal	Dubbelmedium
Akademieorganisasie	Geesteswetenskaplike Opvoedkun
Aanbiedingstydperk	Semester 1

Module-inhoud

Die beplanning, voorbereiding, assessering en aanbieding van vakinhoud in Sosiale Wetenskappe aan Intermediêre- en Senior Fase leerders, gebaseer op die 2012- Kurrikulum en Assesseringsbeleid (CAPS).

Leerarea: Mens- en sosiale wetenskappe 451 (JLM 451)

Kwalifikasie	Voorgraads
Modulekrediete	12.00
Voorvereistes	Geen voorvereistes.
Onderrigtaal	Beide Afr en Eng
Akademieorganisasie	Geesteswetenskaplike Opvoedkun
Aanbiedingstydperk	Kwartaal 1

Module-inhoud

Metodiek van Mens- en sosiale wetenskappe as leerarea soos vereis deur die Nasionale Kurrikulum.



Lewensoriëntering 110 (JLO 110)

Kwalifikasie Voorgraads

Modulekrediete 12.00

Programme [BEd Intermediêrefase-onderwys](#)
[BEd Seniorfase en Verdere Onderwys en Opleiding-onderwys](#)

Kontaktyd 2 lesing per week

Onderrigtaal Beide Afr en Eng

Akademiese organisasie Vroeë Kinderonderwys

Aanbiedingstydperk Semester 1

Module-inhoud

Die hooffokus van hierdie module is op persoonlike ontwikkeling en daarom is die vraag: “Wie is ek?” relevant. Die inhoud is ontwikkel met die doel om te fokus op die student as individu en op die verskillende faktore wat individuele ontwikkeling beïnvloed. Studente word gelei om relevante kennis, intrapersoonlike vaardighede en houdings te ontwikkel wat bewys lewer van veerkragtige gedrag.

Life orientation 111 (JLO 111)

Kwalifikasie Voorgraads

Modulekrediete 12.00

Programme [Hoër Sertifikaat \(Sportwet\) Opsie: Opvoedkunde](#)

Diensmodules Fakulteit Gesondheidswetenskappe

Kontaktyd 2 lesing per week

Onderrigtaal Beide Afr en Eng

Akademiese organisasie Vroeë Kinderonderwys

Aanbiedingstydperk Semester 1

Module-inhoud

Die module sal die studentonderwyser in staat stel om sy/haar persoonlike potensiaal te verwesenlik en uit te brei deur veranderings in die jeug se gedrag aan te spreek. Die module fokus op eienskappe wat deur navorsing geïdentifiseer is om positiewe gedragsverandering teweeg te bring. Studente word gelei om kennis en vaardighede te ontwikkel met betrekking tot fisieke ontwikkeling en beweging as een van die onderwerpe van die vak Lewensoriëntering. Die module fokus ook op seker aspekte van sportsielkunde sowel as fisiologiese dimensies wat benodig word om die bewegingsvaardighede van leerders te meet. Die praktiese komponent fokus op leer en die onderrig van sport en menslikebewegingontwikkelingsvaardighede vir die skoolsportonderwys- en -opleidingsomgewing. Hierdie praktiese komponent vorm die grondslag vir die daaropvolgende studiejare.

Lewensoriëntering 120 (JLO 120)



Kwalifikasie Voorgraads

Modulekrediete 12.00

Programme [BEd Intermediêrefase-onderwys](#)
[BEd Seniorfase en Verdere Onderwys en Opleiding-onderwys](#)

Kontaktyd 2 lesing per week

Onderrigtaal Beide Afr en Eng

Akademiese organisasie Geesteswetenskaplike Opvoedkun

Aanbiedingstydperk Semester 2

Module-inhoud

Hierdie module fokus ook op persoonlike ontwikkeling, maar met die klem op die vraag: “Hoe is my interaksie met ander mense?” Kennis en toepassing van interpersoonlike vaardighede soos konflikhantering, emosionele intelligensie en selfgeldende gedrag sal behandel word.

Life orientation 121 (JLO 121)

Kwalifikasie Voorgraads

Modulekrediete 12.00

Programme [Hoër Sertifikaat \(Sportwet\) Opsie: Opvoedkunde](#)

Diensmodules Fakulteit Gesondheidswetenskappe

Kontaktyd 2 lesing per week

Onderrigtaal Beide Afr en Eng

Akademiese organisasie Vroeë Kinderonderwys

Aanbiedingstydperk Semester 2

Module-inhoud

Hierdie module sal studentonderwysers in staat stel om hul persoonlike potensiaal te bereik en uit te brei en hulle lei om kennis en vaardighede met betrekking tot fisieke en fisiologiese ontwikkeling te ontwikkel as twee van die onderwerpe van die vak Lewensorientering. Persoonlike ontwikkeling vorm ook deel van die module, maar daar word veral gefokus op die inter- en intrapersoonlike vaardighede van die student. Onderwerpe sluit in: ontwikkelingsfases, selfaktualisering, selfkonsep, konflikbestuur en persoonlike bestuur. Die module fokus ook op menslike anatomie en basiese fisiologie as agtergrond tot die ontwikkeling van menslike beweging. Die praktiese komponent fokus op leer en onderrig van sport en menslikebewegingontwikkelingsvaardighede vir die skoolsportonderwys- en -opleidingsomgewing. Dit stel die grondslag vir die daaropvolgende studiejare waartydens die student van verskillende dissiplines sal leer. Na afloop van die bereiking van die leeruitkomste behoort die student in staat te wees om sy/haar kennis te demonstreer en die student moet ook 'n begrip van die teorie in praktiese klasse kan toepas.

Metodiek: Lewensorientering 200 (JLO 200)

Kwalifikasie Voorgraads



Modulekrediete	6.00
Voorvereistes	Geen voorvereistes.
Onderrigtaal	Dubbelmedium
Akademiese organisasie	Vroeë Kinderonderwys
Aanbiedingstydperk	Jaar

Module-inhoud

'n Deeglike oorsig van die leerinhoud met spesifieke fokus op praktiese toepassing soos voorgeskryf deur die Nasionale Kurrikulumverklaringsdokumente. Klem word gelê op die bereiking van die voorgeskrewe leeruitkomst

Lewensoriëntering 210 (JLO 210)

Kwalifikasie	Voorgraads
Modulekrediete	12.00
Programme	BEd Seniorfase en Verdere Onderwys en Opleiding-onderwys
Voorvereistes	Geen voorvereistes.
Onderrigtaal	Beide Afr en Eng
Akademiese organisasie	Vroeë Kinderonderwys
Aanbiedingstydperk	Semester 1

Module-inhoud

Die mens in konteks: sosiale en gemeenskapslewe. Lewensoriënteringsopvoeder: sosiale vaardighede.

Lewensoriëntering 211 (JLO 211)

Kwalifikasie	Voorgraads
Modulekrediete	16.00
Kontaktyd	2 lesing per week
Onderrigtaal	Beide Afr en Eng
Akademiese organisasie	Vroeë Kinderonderwys
Aanbiedingstydperk	Semester 1

Module-inhoud

In hierdie module is die fokus twee onderwerpe wat handel oor seksualiteitsopvoeding en beradingsvaardighede. In seksualiteitsopvoeding sal die student voorberei word om seksueel-verwante onderwerpe in die klaskamersituasie te hanteer asook met basiese beradingsvaardighede in die skoolkonteks.

Lewensoriëntering 220 (JLO 220)

Kwalifikasie	Voorgraads
---------------------	------------



Modulekrediete	12.00
Programme	BEd Seniorfase en Verdere Onderwys en Opleiding-onderwys
Voorvereistes	Geen voorvereistes.
Onderrigtaal	Beide Afr en Eng
Akademiese organisasie	Vroeë Kinderonderwys
Aanbiedingstydperk	Semester 2

Module-inhoud

Die mens in die wêreld. Diversiteit, waardes en beginsels. Vraagstukke van diskriminasie, ras, geloof, kultuur, geslag, ouderdom, vermoëns. Kontemporêre sake in ons klaskamers, individuele en sistemiese perspektiewe. Ondersteuning vir sake soos MIV/vigs. Veilige skole. Geweld in skole. Misdaad. Emosionele probleme. Voorkoming van afwykende sosiale (maatskaplike) gedrag.

Lewensoriëntering 221 (JLO 221)

Kwalifikasie	Voorgraads
Modulekrediete	16.00
Kontaktyd	2 lesing per week
Onderrigtaal	Beide Afr en Eng
Akademiese organisasie	Vroeë Kinderonderwys
Aanbiedingstydperk	Semester 2

Module-inhoud

Die fokus van hierdie module is op die kindersielkundige afwykings soos depressie, eetsteurnisse, riskante gedrag, selfmoord, dwelmverslawing en verlies. Hierdie onderwerpe sal gekoppel word aan basiese beradingsvaardighede wat in JLO 221 behandel is om die student toe te rus om hierdie afwykings en uitdagings te hanteer.

Metodiek: Lewensoriëntering 300 (JLO 300)

Kwalifikasie	Voorgraads
Modulekrediete	12.00
Voorvereistes	Geen voorvereistes.
Onderrigtaal	Beide Afr en Eng
Akademiese organisasie	Vroeë Kinderonderwys
Aanbiedingstydperk	Jaar



Module-inhoud

Oriëntering: Nasionale Kurrikulumverklaring – die vak Lewensoriëntering. Kritiese oorsig oor die huidige sillabus/Nasionale kurrikulum. Verklaring. Basiese beginsels van kurrikulumontwerp. Die ontwerp van leerprogramme, werkskodes en leerondersteuningsmateriaal deur gebruik te maak van voorgeskrewe beginsels en riglyne vir die professionele, kreatiewe ontwikkeling van leerprogramme. Assesering.

Lewensoriëntering 310 (JLO 310)

Kwalifikasie Voorgraads

Modulekrediete 20.00

Programme [BEd Seniorfase en Verdere Onderwys en Opleiding-onderwys](#)

Onderrigtaal Beide Afr en Eng

Akademiese organisasie Geesteswetenskaplike Opvoedkun

Aanbiedingstydperk Semester 1

Module-inhoud

DHierdie module fokus eerstens op Menseregte, en word die verskillende beleidsdokumente soos die Grondwet, Kinderwet en Skolewet ondersoek as basis vir die hantering van onderwerpe soos boelie- en aggressiewe gedrag. Die module word hanteer vanuit 'n diverse konteks waar verskillende kulture, etniese groepe en taalgroepe gevind word.

Lewensoriëntering 320 (JLO 320)

Kwalifikasie Voorgraads

Modulekrediete 20.00

Programme [BEd Seniorfase en Verdere Onderwys en Opleiding-onderwys](#)

Onderrigtaal Beide Afr en Eng

Akademiese organisasie Geesteswetenskaplike Opvoedkun

Aanbiedingstydperk Semester 2

Module-inhoud

Beroepsvoorligting sal die basis vorm van hierdie module en onderwysstudente sal toegerus word met vaardighede om leerders riglyne te gee om beroepskeuses te maak. Inheemse kennis (hoof godsdiensgroepe in Suid-Afrika) sal ook bespreek word.

Metodiek van Lewensoriëntering 330 (JLO 330)

Kwalifikasie Voorgraads

Modulekrediete 6.00

Voorvereistes Geen voorvereistes.

Onderrigtaal Dubbelmedium



Akademiese organisasie Vroeë Kinderonderwys

Aanbiedingstydperk Semester 1

Module-inhoud

Die doel van hierdie module is om studente voor te berei om Lewensoriëntering gedurende hul 4de jaar prakties aan te bied. Die klem word op onderwys metodieke met die fokus op die doel van Lewensoriëntering: "Om leerders toe te rus met kennis, vaardighede en waardes om selfvervulling en beteknisvolle deelname in 'n samelewing in 'n vry land te verseker." o.a. die ontwikkeling van 'n gesonde selfbeeld, sowel as interpersoonlike - en kruiskulturele verhoudings, leierskap- en bestuursvaarighede, kommunikasie, Aarigting en mentorskapvaardighede.

Metodiek van Lewensoriëntering 430 (JLO 430)

Kwalifikasie Voorgraads

Modulekrediete 12.00

Voorvereistes Mag slegs in die finalestudiejaar geneem word

Onderrigtaal Dubbelmedium

Akademiese organisasie Vroeë Kinderonderwys

Aanbiedingstydperk Semester 1 en Semester 2

Module-inhoud

Die doel van hierdie module is om vierdejaarstudente voor te berei om Lewensoriëntering gedurende hul vierdejaarprakties aan te bied. Die klem is op onderwysmetodiek met die fokus op die doel van Lewensoriëntering: "Om leerders toe te rus met kennis, vaardighede en waardes om selfvervulling en beteknisvolle deelname in 'n samelewing in 'n vry land, te verseker." In aansluiting by die derdejaarmodule, "Skills to assist youth in crisis", word die fokus verskuif na die moontlike risiko faktore wat in die skool of gemeenskap mag voorkom en wat deur die Lewensoriëntering-onderwyser aangespreek moet word deur die opvoedkundige, vaardigheids- en waardes vir die skool en samelewing.

Metodiek van Lewensoriëntering 452 (JLO 452)

Kwalifikasie Voorgraads

Modulekrediete 12.00

Voorvereistes Geen voorvereistes.

Onderrigtaal Dubbelmedium

Akademiese organisasie Vroeë Kinderonderwys

Aanbiedingstydperk Kwartaal 1



Module-inhoud

Die doel van hierdie module is om 4de jaar studente voor te berei om Lewensoriëntering gedurende hul 4de jaar prakties aan te bied. Die klem word op onderwys metodieke met die fokus op die doel van Lewensoriëntering: “Om leerders toe te rus met kennis, vaardighede en waardes om selfvervulling en beteknisvolle deelname in ‘n samelewing in ‘n vry land te verseker.”. In aansluiting by die 3de jaar se module “Skills to assist youth in Crisis” word die fokus verskuif na die moontlike risiko faktore wat in die skool of gemeenskap mag voorkom en wat deur die Lewensoriëntering onderwyser aangespreek moet word deur opvoedkundige, vaardigheids- en waardes vir die skool en samelewing.

Lewensoriënteringsonderwys 710 (JLO 710)

Kwalifikasie Nagraads

Modulekrediete 16.00

Programme [BEdHons Onderwyser Opvoeding en Professionele Ontwikkeling](#)

Onderrigtaal Beide Afr en Eng

Akademiese organisasie Geesteswetenskaplike Opvoedkun

Aanbiedingstydperk Semester 1

Module-inhoud

Die doel van hierdie module is om kennis, vaardighede, waardes en houdings te ontwikkel sodat studente daartoe in staat is om ingeligte besluite te neem in diverse opvoedkundige kontekste. Lewensoriëntering fokus op die individu in die samelewing. As opvoeder is dit belangrik om te besef dat die onderrig en leer van vaardighede, waardes en houdings in die klaskamer verbind moet word met die leerder se alledaagse lewenservaringe. Hierdie module fokus daarop om studente se optimale intellektuele, persoonlike en emosionele potensiaal te ontwikkel.

Lewensoriënteringsonderwys 733 (JLO 733)

Kwalifikasie Nagraads

Modulekrediete 16.00

Onderrigtaal Engels

Akademiese organisasie Vroeë Kinderonderwys

Aanbiedingstydperk Semester 1

Module-inhoud

Die doel van hierdie module is om kennis, vaardighede, waardes en houdings te ontwikkel sodat studente daartoe in staat is om ingeligte besluite te neem in diverse opvoedkundige kontekste. Lewensoriëntering fokus op die individu in die samelewing. As opvoeder is dit belangrik om te besef dat die onderrig en leer van vaardighede, waardes en houdings in die klaskamer verbind moet word met die leerder se alledaagse lewenservaringe. Hierdie module fokus daarop om studente se optimale intellektuele, persoonlike en emosionele potensiaal te ontwikkel.



Lewensvaardigheidprogram 220 (JLP 220)

Kwalifikasie	Voorgraads
Modulekrediete	12.00
Programme	BEd Grondslagfase-onderwys
Voorvereistes	Geen voorvereistes.
Kontaktyd	4 lesing per week
Onderrigtaal	Beide Afr en Eng
Akademiese organisasie	Vroeë Kinderonderwys
Aanbiedingstydperk	Semester 2

Module-inhoud

Lewensvaardighede is sentraal tot die holistiese ontwikkeling van leerders. Dit het te make met die sosiale, intellektuele, emosionele en fisiese groei van leerders, en hoe hierdie dimensies geïntegreer word. Die module Lewensvaardighede fokus op die persoonlike en sosiale ontwikkeling van die kind. Sosiale studies as komponent word ook aangespreek en fokus op die kind as burger asook die verhouding tussen die kind en sy omgewing.

Lewensvaardighede in Vroeë Kinderontwikkeling 730 (JLP 730)

Kwalifikasie	Nagraads
Modulekrediete	16.00
Voorvereistes	Geen voorvereistes.
Onderrigtaal	Dubbelmedium
Akademiese organisasie	Vroeë Kinderonderwys
Aanbiedingstydperk	Semester 2

Module-inhoud

Hierdie module het ten doel om studente toe te rus met persoonlike, sosiale en globale vaardighede om kinders in Vroeë Kinderontwikkeling en Grondslagfase te onderrig en te ondersteun. Kritiese kwessies rondom lewensvaardighede op globale en nasionale vlak is fundamenteel in hierdie module. Studente sal in staat wees om lewensvaardighede te fasiliteer sodat kinders toegerus sal wees om as verantwoordelike burgers op te tree in plaaslike, nasionale en globale gemeenskappe.

Lewenswetenskappe onderwys 310 (JLS 310)

Kwalifikasie	Voorgraads
Modulekrediete	12.00
Programme	BEd Seniorfase en Verdere Onderwys en Opleiding-onderwys
Kontaktyd	2 praktiese sessies per week, 1 lesing per week
Onderrigtaal	Dubbelmedium



Akademiese organisasie Wet, Wisk en Tegnologie-ond

Aanbiedingstydperk Semester 1

Module-inhoud

Hierdie module dra by tot die ontwikkeling van begrip vir die omvang en inhoud van die Lewenswetenskappe skoolkurrikulum vir die Verdere Ondr wys en Opleiding fase Grade 10 – 12. Die module bevat kennis van die aard van Lewenswetenskappe, die molekules van lewe, sekere lewensprosesse, insluitend fotosintese en respirasie, eukariotiese weefsel, eukariotiese organe en orgaanstelsels, biodiversiteit, evolusie en ekologie soos dit vervat is in skoolkurrikulum.

Life Sciences education 410 (JLS 410)

Kwalifikasie Voorgraads

Modulekrediete 24.00

Voorvereistes Mag slegs in die finalestudiejaar geneem word

Kontaktyd 2 praktiese sessies per week, 2 lesing per week

Onderrigtaal Dubbelmedium

Akademiese organisasie Wet, Wisk en Tegnologie-ond

Aanbiedingstydperk Semester 1 en Semester 2

Module-inhoud

Hierdie module dra by tot die ontwikkeling van begrip van die omvang en inhoud van die Lewenswetenskappe skoolkurrikulum vir die Verdere Onderwys en Opleidingsfase. Die module bevat kennis van die aard van Lewenswetenskappe, die molekules van lewe, sekere lewensprosesse insluitend fotosintese en respirasie, eukariotiese weefsel, eukariotiese organe en orgaanstelsels, biodiversiteit, evolusie en ekologie soos dit vervat is in die skoolkurrikulum.

Metodiek van E-leer 330 (JLT 330)

Kwalifikasie Voorgraads

Modulekrediete 12.00

Programme [BEd Intermediêrefase-onderwys](#)

Kontaktyd 2 praktiese sessies per week, 2 lesing per week

Onderrigtaal Dubbelmedium

Akademiese organisasie Wet, Wisk en Tegnologie-ond

Aanbiedingstydperk Semester 1



Module-inhoud

Rekenaargeletterdheid, Informasiegeletterdheid, Integrasiegeletterdheid. Die gebruik van rekenaars in laboratoriums vs klaskamergebruik. Evaluering van sagteware en webtuistes vir opvoedkundige gebruik. Rekenaarsekuriteit: risiko's en veiligheids- maatreëls. Etiek en die informasie-era. Modelle van aanlynleer. Voorsiening vir verskillende leerstyle. Projekgebaseerde leer. Rekenaargebaseerde Assessering.

Metodiek van Tegnologieë in onderwys 351 (JLT 351)

Kwalifikasie	Voorgraads
Modulekrediete	6.00
Voorvereistes	Geen voorvereistes.
Onderrigtaal	Dubbelmedium
Akademiese organisasie	Wet, Wisk en Tegnologie-ond
Aanbiedingstydperk	Semester 1

Module-inhoud

Rekenaargeletterdheid, Informasiegeletterdheid, Integrasiegeletterdheid. Die gebruik van rekenaars in laboratoriums vs.klaskamergebruik. Evaluering van sagteware en webtuistes vir opvoedkundige gebruik. Rekenaarsekuriteit: risiko's en veiligheids- maatreëls. Etiek en die informasie-era. Modelle van aanlynleer. Voorsiening vir verskillende leerstyle. Projekgebaseerde leer. Rekenaargebaseerde assessering.

Leerarea: Tegnologie 451 (JLT 451)

Kwalifikasie	Voorgraads
Modulekrediete	12.00
Voorvereistes	Geen voorvereistes.
Onderrigtaal	Beide Afr en Eng
Akademiese organisasie	Wet, Wisk en Tegnologie-ond
Aanbiedingstydperk	Kwartaal 1

Module-inhoud

Metodiek van Tegnologie as leerarea soos vereis deur die Nasionale Kurrikulum.

Wiskunde onderwys 312 (JLW 312)

Kwalifikasie	Voorgraads
Modulekrediete	12.00
Programme	BEd Seniorfase en Verdere Onderwys en Opleiding-onderwys
Kontaktyd	2 praktiese sessies per week, 2 lesing per week
Onderrigtaal	Dubbelmedium



Akademiese organisasie Wet, Wisk en Tegnologie-ond

Aanbiedingstydperk Semester 1

Module-inhoud

Statistiek, analitiese meetkunde, trigonometrie, Euklidiese meetkunde en meting, en die geassosieerde wiskundige beredenering en tegnologiese vaardighede.

Mathematics education 410 (JLW 410)

Kwalifikasie Voorgraads

Modulekrediete 24.00

Voorvereistes Mag slegs in die finale studiejaar geneem word

Kontaktyd 2 praktiese sessies per week, 2 lesing per week

Onderrigtaal Beide Afr en Eng

Akademiese organisasie Wet, Wisk en Tegnologie-ond

Aanbiedingstydperk Semester 1 en Semester 2

Module-inhoud

Statistiek, analitiese meetkunde, trigonometrie, Euklidiese meetkunde en meting, sowel as die meegaande wiskundige redenasies en tegnologiese vaardighede.

Leerarea: Wiskunde 451 (JLW 451)

Kwalifikasie Voorgraads

Modulekrediete 12.00

Voorvereistes Geen voorvereistes.

Onderrigtaal Beide Afr en Eng

Akademiese organisasie Wet, Wisk en Tegnologie-ond

Aanbiedingstydperk Kwartaal 1

Module-inhoud

Metodiek van Wiskunde as leerarea soos vereis deur die Nasionale Kurrikulum.

Geletterdhede vir die onderwys 110 (JLZ 110)

Kwalifikasie Voorgraads

Modulekrediete 6.00

Programme [BEd Grondslagfase-onderwys](#)
[BEd Intermediêrefase-onderwys](#)
[BEd Seniorfase en Verdere Onderwys en Opleiding-onderwys](#)

Voorvereistes Afrikaans Huistaal 60% OF Engels Huistaal 60% OF Engels 1ste Add Taal 70%



Kontaktyd 2 lesing per week

Onderrigtaal Beide Afr en Eng

Akademiese organisasie Geesteswetenskaplike Opvoedkun

Aanbiedingstydperk Semester 1

Module-inhoud

Die module sluit aan by studente se persoonlike geletterdhede en bring dit in verband met die tipes geletterdheid wat hulle nodig het om suksesvol aan die Universiteit te studeer. Die primêre fokus van die module is die student se leesvaardighede, wat insluit leesstrategieë, die verwerwing van 'n akademiese woordeskat en die vermoë om belangrike akademiese genres krities te lees, soos eksamenvraestelle en akademiese artikels.

Geletterdhede vir die onderwys 111 (JLZ 111)

Kwalifikasie Voorgraads

Modulekrediete 6.00

Programme
[BEd Grondslagfase-onderwys](#)
[BEd Intermediêrefase-onderwys](#)
[BEd Seniorfase en Verdere Onderwys en Opleiding-onderwys](#)

Voorvereistes Afrikaans Huistaal 50% OF Engels Huistaal 50% OF Engels 1ste Add Taal 60%

Kontaktyd 2 lesing per week

Onderrigtaal Beide Afr en Eng

Akademiese organisasie Geesteswetenskaplike Opvoedkun

Aanbiedingstydperk Semester 1

Module-inhoud

Die module sluit aan by studente se persoonlike geletterdhede en lê verbande met die tipes geletterdheid wat hulle nodig het om suksesvol aan die Universiteit te studeer. Die primêre fokus van die module is die student se leesvaardighede, wat insluit leesstrategieë, die verwerwing van 'n akademiese woordeskat en die vermoë om belangrike akademiese genres krities te lees, soos byvoorbeeld eksamenvraestelle en akademiese artikels. Addisionele ondersteuning word gebied deur praktiese oefeninge en besprekings.

Geletterdhede vir die onderwys 120 (JLZ 120)

Kwalifikasie Voorgraads

Modulekrediete 6.00

Programme
[BEd Grondslagfase-onderwys](#)
[BEd Intermediêrefase-onderwys](#)
[BEd Seniorfase en Verdere Onderwys en Opleiding-onderwys](#)

Voorvereistes Afrikaans Huistaal 60% OF Engels Huistaal 60% OF Engels 1ste Add Taal 70%

Kontaktyd 2 lesing per week



Onderrigtaal Beide Afr en Eng

Akademiese organisasie Geesteswetenskaplike Opvoedkun

Aanbiedingstydperk Semester 2

Module-inhoud

Die module fokus op die produksie van akademiese tekste. Studente leer om verskillende skryfmodusse te gebruik, bv. beskrywing, bespreking, oorsaak en gevolg, verduideliking en argumentasie. Die hooffokus is op die beplanning, skryf en redigeer van 'n akademiese essay deur van die prosesbenadering gebruik te maak. Spesifieke aandag word geskenk aan die "gesprek" met ander outeurs en die gebruik van verwysingstegnieke. Die module skenk ook aandag aan die formatering van akademiese tekste en die weergawe van verbale gegewens in die vorm van tabelle en grafieke.

Geletterdhede vir die onderwys 121 (JLZ 121)

Kwalifikasie Voorgraads

Modulekrediete 6.00

Programme [BEd Grondslagfase-onderwys](#)
[BEd Intermediêrefase-onderwys](#)
[BEd Seniorfase en Verdere Onderwys en Opleiding-onderwys](#)

Voorvereistes Afrikaans Huistaal 50% OF Engels Huistaal 50% OF Engels 1ste Add 60%

Kontaktyd 2 lesing per week

Onderrigtaal Beide Afr en Eng

Akademiese organisasie Geesteswetenskaplike Opvoedkun

Aanbiedingstydperk Semester 2

Module-inhoud

Die module fokus op die produksie van akademiese tekste. Studente leer om verskillende skryfmodusse te gebruik, bv. beskrywing, bespreking, oorsaak en gevolg, verduideliking en argumentasie. Die hooffokus is op die beplanning, skryf en redigeer van 'n akademiese essay deur van die prosesbenadering gebruik te maak. Spesifieke aandag word geskenk aan die "gesprek" met ander outeurs en die gebruik van verwysingstegnieke. Die module skenk ook aandag aan die formatering van akademiese tekste en die weergawe van verbale gegewens in die vorm van tabelle en grafieke. Addisionele ondersteuning word gebied deur praktiese oefeninge en besprekings.

Geletterdhede vir die onderwys 300 (JLZ 300)

Kwalifikasie Voorgraads

Modulekrediete 12.00

Programme [BEd Grondslagfase-onderwys](#)
[BEd Intermediêrefase-onderwys](#)
[BEd Seniorfase en Verdere Onderwys en Opleiding-onderwys](#)

Voorvereistes JLZ 110 en JLZ 120 OF JLZ 111 en JLZ 121 OF JLZ 100 OF JLZ 101



Kontaktyd 2 lesing per week

Onderrigtaal Beide Afr en Eng

Akadiese organisasie Geesteswetenskaplike Opvoedkun

Aanbiedingstydperk Jaar

Module-inhoud

Hierdie module poog om die student toe te rus met die noodsaaklike kommunikatiewe en klaskamergeletterdhede om as 'n professionele persoon in die onderwysberoep suksesvol te kan wees. Studente sal bewys lewer daarvan dat hulle die teoretiese grondslag sowel as die implementeringsstrategieë ten opsigte van gesproke en geskrewe kommunikasie binne 'n opvoedkundige konteks verstaan. Die ontwikkeling van 'n kritiese bewuswording van taal as 'n subjektiewe, nie-neutrale instrument van kennisoordrag sal ook ingeskerp word. 'n Oorsig van die linguistiese diversiteit in die meeste Suid Afrikaanse klaskamers sal die voornemende onderwyser bemagtig met 'n strategie om effektief met multitaligheid in 'n kultureel-diverse opvoedkundige omgewing om te gaan. Studente sal ook hul persoonlike taalprofiel verbeter deur kennis van toepaslike woorde en frases in 'n Afrikataal te verwerf met die oog op klaskamerfasilitering en -bestuur.

Metodiek van Afrikaans 300 (JMA 300)

Kwalifikasie Voorgraads

Modulekrediete 12.00

Programme [BEd Intermediêrefase-onderwys](#)
[BEd Seniorfase en Verdere Onderwys en Opleiding-onderwys](#)

Voorvereistes Geen voorvereistes.

Kontaktyd 2 praktiese sessies per week, 1 lesing per week

Onderrigtaal Afrikaans

Akadiese organisasie Geesteswetenskaplike Opvoedkun

Aanbiedingstydperk Jaar

Module-inhoud

Die module bemagtig die student om die verskillende taalvaardighede in al die onderrigfases te kan beplan, aanbied en assessee. Hierdie module gaan in detail op die onderrig van elk van die taalvaardighede in. Studente behoort ook na afloop van hierdie studie-eenheid in staat te wees om die verskillende taalvaardighede te kan integreer met die spesifieke genres (bv. Poësie, Prosa, Drama en Taal).

Metodiek van Afrikaans 430 (JMA 430)

Kwalifikasie Voorgraads

Modulekrediete 12.00

Voorvereistes Mag slegs in die finalestudiejaar geneem word

Onderrigtaal Afrikaans



Akademiese organisasie Geesteswetenskaplike Opvoedkun

Aanbiedingstydperk Semester 1 en Semester 2

Module-inhoud

Hierdie metodologieskursus volg op die JLL 330 modules en is 'n praktiese toepassing van die beginsels en praktyke van die onderrig van die vak Afrikaans. Die teoretiese grondslag versterk die student se insig en begrip ten opsigte van taalontwikkeling, sowel as die vermoë om optimale leergeleenthede in al die fases te kan beplan en te ontwerp. Die module sluit IKT in die klaskamer, asook 'n uitgebreide projek as deel van die semesterpunt, in.

Metodiek van Afrikaans 451 (JMA 451)

Kwalifikasie Voorgraads

Modulekrediete 3.00

Programme [BEd Intermediêrefase-onderwys](#)
[BEd Seniorfase en Verdere Onderwys en Opleiding-onderwys](#)

Voorvereistes Geen voorvereistes.

Kontaktyd 2 lesing per week, 2 praktiese sessies per week

Onderrigtaal Afrikaans

Akademiese organisasie Geesteswetenskaplike Opvoedkun

Aanbiedingstydperk Kwartaal 1

Module-inhoud

Klem word gelê op die bereiking van die voorgeskrewe leeruitkomste in die Nasionale Kurrikulumverklaringsdokumente . Afrikaansonderrig as huis- en addisionele taal soos in die nasionale kurrikulum vervat, word uitgelig. 'n Teoretiese grondslag word vasgelê vir die ontwerp en aanbied van lesse.

Metodiek van Afrikaans 454 (JMA 454)

Kwalifikasie Voorgraads

Modulekrediete 3.00

Programme [BEd Intermediêrefase-onderwys](#)
[BEd Seniorfase en Verdere Onderwys en Opleiding-onderwys](#)

Kontaktyd 2 praktiese sessies per week, 2 lesing per week

Onderrigtaal Afrikaans

Akademiese organisasie Geesteswetenskaplike Opvoedkun

Aanbiedingstydperk Kwartaal 4



Module-inhoud

Klem word gelê op die bereiking van die voorgeskrewe leeruitkomste in die Nasionale Kurrikulumverklaringsdokumente. Afrikaansonderrig as huis- en addisionele taal soos in die nasionale kurrikulum vervat, word uitgelig. 'n Teoretiese grondslag word vasgelê vir die ontwerp en aanbied van lesse.

Menslike bewegingstudies en sportbestuur 112 (JMB 112)

Kwalifikasie Voorgraads

Modulekrediete 6.00

Programme [BEd Intermediêrefase-onderwys](#)
[BEd Seniorfase en Verdere Onderwys en Opleiding-onderwys](#)

Voorvereistes Geen voorvereistes.

Kontaktyd 2 lesing per week

Onderrigtaal Dubbelmedium

Akademiese organisasie Geesteswetenskaplike Opvoedkun

Aanbiedingstydperk Semester 1

Module-inhoud

Die doel van fisieke aktiwiteite asook teorieë en filosofieë van beweging word bestudeer. Daar word ook gefokus op afrigting van die jong atleet en verbandhoudende uitdagings wat aan die onderwyser as afrigter gestel word. Die belangrikheid van beplanning as eerste fase van sportbestuur word beklemtoon.

Menslike bewegingstudies en sportbestuur 113 (JMB 113)

Kwalifikasie Voorgraads

Modulekrediete 6.00

Programme [BEd Intermediêrefase-onderwys](#)
[BEd Seniorfase en Verdere Onderwys en Opleiding-onderwys](#)

Voorvereistes Geen voorvereistes.

Kontaktyd 2 praktiese sessies per week

Onderrigtaal Dubbelmedium

Akademiese organisasie Geesteswetenskaplike Opvoedkun

Aanbiedingstydperk Semester 1

Module-inhoud

Die module fokus op die aanleer en praktiese toepassing van basiese swemtegnieke asook aspekte van reddingswem. Motoriese vaardighede en spele binne skoolverband geniet ook aandag.

Menslike bewegingstudies en sportbestuur 114 (JMB 114)

Kwalifikasie Voorgraads



Modulekrediete	8.00
Programme	Hoër Sertifikaat (Sportwet) Opsie: Opvoedkunde
Voorvereistes	Geen voorvereistes.
Kontaktyd	2 lesing per week
Onderrigtaal	Dubbelmedium
Akademiese organisasie	Geesteswetenskaplike Opvoedkun
Aanbiedingstydperk	Semester 1

Module-inhoud

Die doel van fisieke aktiwiteite asook teorieë en filosofieë van beweging word bestudeer. Daar word ook gefokus op afrigting van die jong atleet en verbandhoudende uitdagings wat aan die onderwyser as afrigter gestel word. Die belangrikheid van beplanning as eerste fase van sportbestuur word beklemtoon.

Menslike bewegingstudies en sportbestuur 115 (JMB 115)

Kwalifikasie	Voorgraads
Modulekrediete	8.00
Programme	Hoër Sertifikaat (Sportwet) Opsie: Opvoedkunde
Voorvereistes	Geen voorvereistes.
Kontaktyd	2 praktiese sessies per week
Onderrigtaal	Dubbelmedium
Akademiese organisasie	Geesteswetenskaplike Opvoedkun
Aanbiedingstydperk	Semester 1

Module-inhoud

Die module fokus op die aanleer en praktiese toepassing van basiese swemtegnieke asook aspekte van reddingswem. Motoriese vaardighede en spele binne skoolverband geniet ook aandag.

Menslike bewegingstudies en sportbestuur 122 (JMB 122)

Kwalifikasie	Voorgraads
Modulekrediete	6.00
Programme	BEd Intermediêrefase-onderwys BEd Seniorfase en Verdere Onderwys en Opleiding-onderwys
Voorvereistes	Geen voorvereistes.
Kontaktyd	2 lesing per week
Onderrigtaal	Dubbelmedium
Akademiese organisasie	Geesteswetenskaplike Opvoedkun



Aanbiedingstydperk Semester 2

Module-inhoud

In die module maak die student kennis met die bou en werking van stelsels in die menslike liggaam. Klem word gelê op die skeletstelsel asook die spierstelsel. Studente verwerf ook kennis en vaardigheid in aspekte van bestuur, veral organisasie in sport.

Menslike bewegingstudies en sportbestuur 123 (JMB 123)

Kwalifikasie Voorgraads

Modulekrediete 6.00

Programme [BEd Intermediêrefase-onderwys](#)
[BEd Seniorfase en Verdere Onderwys en Opleiding-onderwys](#)

Voorvereistes Geen voorvereistes.

Kontaktyd 2 praktiese sessies per week

Onderrigtaal Dubbelmedium

Akademiese organisasie Geesteswetenskaplike Opvoedkun

Aanbiedingstydperk Semester 2

Module-inhoud

Vaardighede in mini-hokkie en hokkie word aangeleer en inge oefen. In atletiek word aandag geskenk aan die verwerwing van vaardighede in verskeie baanitems.

Menslike bewegingstudies 124 (JMB 124)

Kwalifikasie Voorgraads

Modulekrediete 6.00

Programme [BEd Grondslagfase-onderwys](#)

Voorvereistes Geen voorvereistes.

Kontaktyd 1 lesing per week

Onderrigtaal Beide Afr en Eng

Akademiese organisasie Vroeë Kinderonderwys

Aanbiedingstydperk Semester 2



Module-inhoud

Die module stel die student in staat om deel te neem aan aktiwiteite wat beweging en fisiese ontwikkeling bevorder. Kreatiewe beweging op die maat van musiek om ritme en danspatrone te bevorder is deel van die verskillende maniere wat 'n leerder gebruik om verskillende liggaamsdele te ontdek. Verskillende motoriese ontwikkeling word ondersoek- motoriese vaardighede, liggaamsbewustheid en perseptueel-motoriese vaardighede. Bewegingsvaardighede in vroeë kinderontwikkeling gebruik 'n kombinasie van liggaamsdele om te beweeg, draai, swaai en te balanseer met of sonder apparaat. Die klem word gelê op ruimtelike oriëntasie, kinetiese persepsie, spierkrag en stamina. Dit sluit in die gooi, slaan, vang, rol en hop van balle of soortgelyke apparaat. Bewegingsaktiwiteite sluit ook speletjies in wat hardloop, jaag en koes bevorder.

Menslike bewegingstudies en sportbestuur 125 (JMB 125)

Kwalifikasie Voorgraads

Modulekrediete 8.00

Programme [Hoër Sertifikaat \(Sportwet\) Opsie: Opvoedkunde](#)

Voorvereistes Geen voorvereistes.

Kontaktyd 2 lesing per week

Onderrigtaal Dubbelmedium

Akademiese organisasie Geesteswetenskaplike Opvoedkun

Aanbiedingstydperk Semester 2

Module-inhoud

In die module maak die student kennis met die bou en werking van stelsels in die menslike liggaam. Klem word gelê op die skeletstelsel asook die spierstelsel. Studente verwerf ook kennis en vaardigheid in aspekte van bestuur, veral organisasie in sport.

Menslike bewegingstudies en sportbestuur 126 (JMB 126)

Kwalifikasie Voorgraads

Modulekrediete 8.00

Programme [Hoër Sertifikaat \(Sportwet\) Opsie: Opvoedkunde](#)

Voorvereistes Geen voorvereistes.

Kontaktyd 2 praktiese sessies per week

Onderrigtaal Dubbelmedium

Akademiese organisasie Geesteswetenskaplike Opvoedkun

Aanbiedingstydperk Semester 2

Module-inhoud

Vaardighede in mini-hokkie en hokkie word aangeleer en ingeoefen. In atletiek word aandag geskenk aan die verwerwing van vaardighede in verskeie baanitems.



Menslike bewegingstudies 210 (JMB 210)

Kwalifikasie	Voorgraads
Modulekrediete	7.00
Voorvereistes	Geen voorvereistes.
Onderrigtaal	Beide Afr en Eng
Akademiese organisasie	Geesteswetenskaplike Opvoedkun
Aanbiedingstydperk	Semester 1

Module-inhoud

Teorie: Rekreasiekunde Terreinafbakening en terminologie. Die belangrikheid en ontwikkeling van waardes rondom sinvolle vryetydsbesteding in die moderne samelewing.

Menslike bewegingstudies en sportbestuur 212 (JMB 212)

Kwalifikasie	Voorgraads
Modulekrediete	10.00
Programme	BEd Intermediêrefase-onderwys BEd Seniorfase en Verdere Onderwys en Opleiding-onderwys
Voorvereistes	JMB 112 en JMB 122
Kontaktyd	2 lesing per week
Onderrigtaal	Dubbelmedium
Akademiese organisasie	Geesteswetenskaplike Opvoedkun
Aanbiedingstydperk	Semester 1

Module-inhoud

Rekreasiekunde - terreinafbakening en terminologie. Die belangrikheid en ontwikkeling van waardes rondom sinvolle vryetydsbesteding in die moderne samelewing. Die belangrikheid van leiding as 'n bestuursfunksie in Sportbestuur word beklemtoon. Spesiale verwysing na kommunikasie, leierskap en motivering.

Menslike bewegingstudies en sportbestuur 213 (JMB 213)

Kwalifikasie	Voorgraads
Modulekrediete	10.00
Programme	BEd Intermediêrefase-onderwys BEd Seniorfase en Verdere Onderwys en Opleiding-onderwys
Voorvereistes	JMB 113 en JMB 123
Kontaktyd	2 praktiese sessies per week
Onderrigtaal	Dubbelmedium
Akademiese organisasie	Geesteswetenskaplike Opvoedkun



Aanbiedingstydperk Semester 1

Module-inhoud

Wateraktiwiteite - bemeestering en praktiese uitvoering van sekere swemstyle en reddingswemtegnieke. Motoriese vaardighede - bemeestering en praktiese ontwikkelingsgimnastiek met en sonder aanpassing by groot apparaat.

Menslike bewegingstudies en sportbestuur 222 (JMB 222)

Kwalifikasie Voorgraads

Modulekrediete 10.00

Programme [BEd Intermediêrefase-onderwys](#)
[BEd Seniorfase en Verdere Onderwys en Opleiding-onderwys](#)

Voorvereistes JMB 112 en JMB 122

Kontaktyd 2 lesing per week

Onderrigtaal Dubbelmedium

Akademiese organisasie Geesteswetenskaplike Opvoedkun

Aanbiedingstydperk Semester 2

Module-inhoud

Sportbeserings en houdingsafwykings - terreinafbakening en terminologie. Algemene beginsels rondom die voorkoming en noodbehandeling van sportbeserings. Houdingsontwikkeling en die invloed van korrekte gewoontes vir 'n goeie houding. Identifisering en patalogie van spesifieke afwykings. 'n Teoreties-praktiese perspektief op kontrole as die finale fase van die bestuursproses in sport om sodoende die sukses van die bestuursproses te verseker.

Menslike bewegingstudies en sportbestuur 223 (JMB 223)

Kwalifikasie Voorgraads

Modulekrediete 10.00

Programme [BEd Intermediêrefase-onderwys](#)
[BEd Seniorfase en Verdere Onderwys en Opleiding-onderwys](#)

Voorvereistes JMB 113 en JMB123

Kontaktyd 2 praktiese sessies per week

Onderrigtaal Dubbelmedium

Akademiese organisasie Geesteswetenskaplike Opvoedkun

Aanbiedingstydperk Semester 2

Module-inhoud

Dames - dans: bemeestering en praktiese vaardighede rondom dansontwerp en kreatiewe dans. Mans - sokker: bemeestering van basiese sokkervaardighede en -tegnieke. Atletiek: velditems



Menslike bewegingstudies 310 (JMB 310)

Kwalifikasie	Voorgraads
Modulekrediete	9.00
Voorvereistes	Geen voorvereistes.
Onderrigtaal	Beide Afr en Eng
Akademieorganisasie	Geesteswetenskaplike Opvoedkun
Aanbiedingstydperk	Semester 1

Module-inhoud

Teorie: Bewegingsfisiologie en oefenkunde Effekte van oefening op die menslike liggaam vanuit 'n fisiologiese perspektief, fisieke energiebronne. Oefen en fiksheidsfaktore en beginsels rondom gimnasiumpraktyk.

Menslike bewegingstudies en sportbestuur 312 (JMB 312)

Kwalifikasie	Voorgraads
Modulekrediete	15.00
Programme	BEd Seniorfase en Verdere Onderwys en Opleiding-onderwys
Voorvereistes	JMB 212 en JMB 222
Kontaktyd	3 lesings per week
Onderrigtaal	Dubbelmedium
Akademieorganisasie	Geesteswetenskaplike Opvoedkun
Aanbiedingstydperk	Semester 1

Module-inhoud

Effekte van oefening op die menslike liggaam vanuit 'n fisiologiese perspektief, fisieke energiebronne. Oefen en fiksheidsfaktore en beginsels rondom gimnasiumpraktyk. Hersiening van die algemene bestuursbeginsels (jaarvlak 1-2); verbesondering van die juridiese beginsel van sport; die hantering van spanning en konflik in die domein van Sportbestuur.

Menslike bewegingstudies en sportbestuur 313 (JMB 313)

Kwalifikasie	Voorgraads
Modulekrediete	15.00
Programme	BEd Seniorfase en Verdere Onderwys en Opleiding-onderwys
Voorvereistes	JMB 213 en JMB 223
Kontaktyd	2 praktiese sessies per week
Onderrigtaal	Dubbelmedium
Akademieorganisasie	Geesteswetenskaplike Opvoedkun



Aanbiedingstydperk Semester 1

Module-inhoud

Gimnastiek. Massasport: die organisering en aanbieding daarvan. Dans vir dames wat fokus op kulturele dans. Krieket vir mans wat fokus op basiese krieketvaardighede en krieket as sport.

Menslike bewegingstudies 321 (JMB 321)

Kwalifikasie Voorgraads

Modulekrediete 3.00

Voorvereistes Geen voorvereistes.

Onderrigtaal Beide Afr en Eng

Akademiese organisasie Geesteswetenskaplike Opvoedkun

Aanbiedingstydperk Semester 2

Module-inhoud

Prakties: Motoriese vaardighede Motoriese vaardighede in damesnetbal, mini-netbal en mansrugby. Motoriese vaardighede vir sagtebal, mini-tennis en tennis.

Menslike bewegingstudies en sportbestuur 322 (JMB 322)

Kwalifikasie Voorgraads

Modulekrediete 15.00

Programme [BEd Seniorfase en Verdere Onderwys en Opleiding-onderwys](#)

Voorvereistes JMB 212 en JMB 222

Kontaktyd 3 lesings per week

Onderrigtaal Dubbelmedium

Akademiese organisasie Geesteswetenskaplike Opvoedkun

Aanbiedingstydperk Semester 2

Module-inhoud

Die aard en wese van die dissipline, verskillende biomeganiese beginsels word bespreek soos balans, swaartepunt en bewegingswette. Meting en evaluering: tegnieke en die bepaling van veranderlikes: rekenkundige gemiddelde, standaardafwykings. Die basiese antropometriese metings en die verwerking daarvan. Die aard en wese van bemarking en die verbesondering hiervan tot sport; die sosiologiese gefundeerdheid van sport: 'n omskrywing van die aard en wese.

Menslike bewegingstudies en sportbestuur 323 (JMB 323)

Kwalifikasie Voorgraads

Modulekrediete 15.00

Programme [BEd Seniorfase en Verdere Onderwys en Opleiding-onderwys](#)



Voorvereistes	JMB 213 en JMB 223
Kontaktyd	2 praktiese sessies per week
Onderrigtaal	Dubbelmedium
Akademiese organisasie	Geesteswetenskaplike Opvoedkun
Aanbiedingstydperk	Semester 2

Module-inhoud

Motoriese vaardighede in damesnetbal, mini-netbal en mansrugby. Motoriese vaardighede vir sagtebal, mini-tennis en tennis.

Metodiek van Ontwerp en tegnologie 330 (JMC 330)

Kwalifikasie	Voorgraads
Modulekrediete	12.00
Voorvereistes	Geen voorvereistes.
Kontaktyd	2 lesing per week
Onderrigtaal	Dubbelmedium
Akademiese organisasie	Wet, Wisk en Tegnologie-ond
Aanbiedingstydperk	Jaar

Module-inhoud

Teoretiese onderbou van Ontwerp en Tegnologie, en konsepte spesifiek vir Ontwerp en Tegnologie sal aangespreek word; die onderrig van Ontwerp en Tegnologie in Suid-Afrika sal ondersoek word; instruksionele ontwerp, evaluering en reflektiewe praktyk in Ontwerp en Tegnologie hanteer word; beste praktyk in die onderrig van Ontwerp en Tegnologie word ondersoek. Mikro-onderrig word hanteer.

Metodiek van Ontwerp en tegnologie 430 (JMC 430)

Kwalifikasie	Voorgraads
Modulekrediete	12.00
Voorvereistes	Mag slegs in die finalestudiejaar geneem word
Kontaktyd	4 lesing per week in Semeser 2 in Kwartaal 4, 4 lesing per week in Semeser 1 in Kwartaal 1
Onderrigtaal	Dubbelmedium
Akademiese organisasie	Wet, Wisk en Tegnologie-ond
Aanbiedingstydperk	Semester 1 en Semester 2



Module-inhoud

Innoverende en kreatiewe onderrig en onderrigvaardighede in Ontwerp en tegnologie; tematiese beplanning; seleksie en gebruik van verskeie hulpbronne; assesseringpraktyke in Ontwerp en tegnologie; kommunikasievaardighede en klaskamerbestuur in Ontwerp en tegnologie; onderrigfilosofie in Ontwerp en tegnologie; reflektiewe praktyk in die Ontwerp en tegnologie-onderwys.

Metodiek: Ontwerp en tegnologie 451 (JMC 451)

Kwalifikasie Voorgraads

Modulekrediete 3.00

Programme [BEd Seniorfase en Verdere Onderwys en Opleiding-onderwys](#)

Voorvereistes Geen voorvereistes.

Kontaktyd 2 praktiese sessies per week, 2 lesing per week

Onderrigtaal Dubbelmedium

Akademiese organisasie Wet, Wisk en Tegnologie-ond

Aanbiedingstydperk Kwartaal 1

Module-inhoud

Innoverende en kreatiewe onderrig en onderrigvaardighede in Ontwerp en Tegnologie word behandel. Die volgende word ook aangespreek: tematiese beplanning; seleksie en gebruik van verskeie bronne; assesseringspraktyke in Ontwerp en Tegnologie; kommunikasievaardighede en klaskamerbestuur in Ontwerp en Tegnologie; en onderrigfilosofie in Ontwerp en Tegnologie.

Metodiek van Ontwerp en Tegnologie 454 (JMC 454)

Kwalifikasie Voorgraads

Modulekrediete 3.00

Programme [BEd Seniorfase en Verdere Onderwys en Opleiding-onderwys](#)

Kontaktyd 2 lesing per week, 2 praktiese sessies per week

Onderrigtaal Dubbelmedium

Akademiese organisasie Wet, Wisk en Tegnologie-ond

Aanbiedingstydperk Kwartaal 4

Module-inhoud

Besinning oor onderrigpraktyk asook die optimalisering van onderrig. Tegnologiese pedagogiese inhoudskennis (TPACK) word hanteer.

Metodiek van Besigheidstudies 205 (JMD 205)

Kwalifikasie Voorgraads

Modulekrediete 6.00



Programme BEd Seniorfase en Verdere Onderwys en Opleiding-onderwys

Kontaktyd 1 lesing per week

Onderrigtaal Dubbelmedium

Akademiese organisasie Onderwysbestuur en Beleidstud

Aanbiedingstydperk Jaar

Module-inhoud

Die analise en praktiese toepassing soos voorgeskryf deur die Nasionale Kurrikulumverklaringsdokumente vir Besigheidstudies. Lesontwerp in Besigheidstudies. Toepassing van tegnologie en media in die onderrig van Besigheidstudies.

Metodiek van Toerisme 206 (JMD 206)

Kwalifikasie Voorgraads

Modulekrediete 6.00

Programme BEd Seniorfase en Verdere Onderwys en Opleiding-onderwys

Kontaktyd 1 lesing per week

Onderrigtaal Dubbelmedium

Akademiese organisasie Onderwysbestuur en Beleidstud

Aanbiedingstydperk Jaar

Module-inhoud

Die analise en praktiese toepassing soos voorgeskryf deur die Nasionale Kurrikulumverklaringsdokumente. Lesontwerp in Toerisme. Toepassing van tegnologie en media in die onderrig van Toerisme.

Metodiek van Ekonomie 301 (JMD 301)

Kwalifikasie Voorgraads

Modulekrediete 12.00

Programme BEd Seniorfase en Verdere Onderwys en Opleiding-onderwys

Voorvereistes Geen voorvereistes.

Kontaktyd 2 praktiese sessies per week, 1 lesing per week

Onderrigtaal Dubbelmedium

